Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 10c PRICE
OORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY — POST FREE

Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 38.] PRETORIA, 9 AUGUSTUS / 9 AUGUST 1968. [No. 2141.

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika.

No. 216, 1968.

VERKLARING VAN GROEPSGEBIEDE INGEVOLGE DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1966, TE GREYTON, DISTRIK CALEDON, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 23 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet No. 36 van 1966), verklaar ek hierby—

(i) dat die gebied omskryf in paragraaf (*a*) van die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie hiervan, 'n gebied is vir okkupasie en grondbesit deur lede van die Blanke groep; en

(ii) dat die gebied omskryf in paragraaf (*b*) van die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie hiervan, 'n gebied is vir okkupasie en grondbesit deur lede van die Gekleurde groep.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Ses-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

C. DE WET.

BYLAE.

BLANKE GROEP.

(*a*) Begin by die westelikste baken van Erf 590, Greyton; daarvandaan noordooswaarts langs die grense van genoemde Erf 590 en Erf 568, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word, tot by die oostelikste baken van laasgenoemde erf; daarvandaan suidooswaarts in 'n reguit lyn tot by die westelike baken van Erf 364; daarvandaan noordooswaarts langs die grense van Algemene Plan G8 van Greyton-dorp, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word, tot by die punt waar die suidoostelike grens daarvan gekruis word deur die verlenging noordweswaarts van die noordoostelike grens van Erf 589; daarvandaan suidooswaarts langs genoemde verlenging en die grense

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa.

No. 216, 1968.

DECLARATION OF GROUP AREAS IN TERMS OF THE GROUP AREAS ACT, 1966, AT GREYTON, DISTRICT OF CALEDON, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE.

Under the powers vested in me by section 23 of the Group Areas Act, 1966 (Act No. 36 of 1966), I hereby declare—

(i) that the area defined in paragraph (*a*) of the Schedule hereto shall, as from the date of publication hereof, be an area for occupation and ownership by members of the White group; and

(ii) that the area defined in paragraph (*b*) of the Schedule hereto shall, as from the date of publication hereof, be an area for occupation and ownership by members of the Coloured group.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twenty-sixth day of July, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

C. DE WET.

SCHEDULE.

WHITE GROUP.

(*a*) Beginning at the westernmost beacon of Erf 590, Greyton; thence north-eastwards along the boundaries of the said Erf 590 and Erf 568, so as to include them in this area, to the easternmost beacon of the latter erf; thence south-eastwards in a straight line to the western beacon of Erf 364; thence north-eastwards along the boundaries of General Plan G8 of Greyton Township, so as to include it in this area, to the point where the south-eastern boundary thereof is intersected by the prolongation north-westwards of the north-eastern boundary of Erf 589; thence south-eastwards along the said prolongation and the

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

van genoemde Erf 589, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word, tot by die punt waar die verlenging noordweswaarts van die suidwestelike grens daarvan die suidoostelike grens van genoemde Algemene Plan G8 kruis; daarvandaan suidweswaarts langs die grense van genoemde Algemene Plan G8, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word, tot by die punt waar dit die middel van Markstraat (Hoofweg No. 5) kruis; daarvandaan noordooswaarts langs die middel van genoemde Markstraat tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging suidooswaarts van die oostelike grens van Erf 47; daarvandaan noordweswaarts langs genoemde verlenging en die oostelike grense van genoemde Erf 47 en Erf 45, sodat hulle uit hierdie gebied uitgesluit word, tot by die noordoostelike baken van laasgenoemde erf; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die suidelike baken van Erf 176; daarvandaan noordooswaarts langs die grense van genoemde Erf 176, sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word, tot by die noordelike baken daarvan; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die suidwestelike baken van genoemde Erf 590; daarvandaan noordweswaarts langs die suidwestelike grens van genoemde Erf 590 tot by eersgenoemde baken.

GEKLEURDE GROEP.

(*b*) Begin by baken J.Bc. (E 343/68), Greyton; daarvandaan suidooswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordelike baken van Erf 42; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die westelike baken van Erf 176; daarvandaan noordooswaarts langs die grense van genoemde Erf 176, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word, tot by die suidelike baken daarvan; daarvandaan suidweswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordoostelike baken van Erf 45; daarvandaan suidooswaarts langs die oostelike grense van genoemde Erf 45 en Erf 47, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word, en die verlenging daarvan tot by die punt waar dit die middel van Markstraat (Hoofweg 5) kruis; daarvandaan suidweswaarts langs die middel van genoemde Markstraat en die middel van die Greyton–Caledon-hoofpad (E 342/68) tot by die punt waar dit gekruis word deur die westelike grens van Erf 595; daarvandaan noordweswaarts langs die westelike grens van genoemde Erf 595 tot by eersgenoemde baken.

No. 217, 1968.

TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WET OP GEMEENSKAPSONTWIKKELING, 1966, IN GEBIEDE TE GREYTON, DISTRIK CALEDON, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 51 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet No. 3 van 1966), verklaar ek hierby dat die bepalings van artikels 16 tot en met 23, 29 tot en met 37 en 47 van genoemde wet, vanaf die datum van publikasie hiervan, van toepassing is in die gebiede omskryf in die Bylae hiervan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Ses-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

W. A. MAREE.

boundaries of the said Erf 589, so as to include it in this area, to the point where the prolongation north-westwards of the south-western boundary thereof intersects the south-eastern boundary of the said General Plan G8; thence south-westwards along the boundaries of the said General Plan G8, so as to include it in this area, to the point where it intersects the middle of Market Street (Main Road No. 5); thence north-eastwards along the middle of the said Market Street to the point where it is intersected by the prolongation south-eastwards of the eastern boundary of Erf 47; thence north-westwards along the said prolongation and the eastern boundaries of the said Erf 47 and Erf 45, so as to exclude them from this area, to the north-eastern beacon of the latter erf; thence north-eastwards in a straight line to the southern beacon of Erf 176; thence north-eastwards along the boundaries of the said Erf 176, so as to exclude it from this area, to the northern beacon thereof; thence north-eastwards in a straight line to the south-western beacon of the said Erf 590; thence north-westwards along the south-western boundary of the said Erf 590 to the beacon first named.

COLOURED GROUP.

(*b*) Beginning at beacon J.Bc. (E 343/68), Greyton; thence south-eastwards in a straight line to the northern beacon of Erf 42; thence north-eastwards in a straight line to the western beacon of Erf 176; thence north-eastwards along the boundaries of the said Erf 176, so as to include it in this area, to the southern beacon thereof; thence south-westwards in a straight line to the north-eastern beacon of Erf 45 thence south-eastwards along the eastern boundaries of the said Erf 45 and Erf 47, so as to include them in this area, and the prolongation thereof to the point where it intersects the middle of Market Street (Main Road 5); thence south-westwards along the middle of the said Market Street and the middle of the Greyton–Caledon Main Road (E 342/68) to the point where it is intersected by the western boundary of Erf 595; thence north-westwards along the western boundary of the said Erf 595 to the beacon first named.

No. 217, 1968.

APPLICATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE COMMUNITY DEVELOPMENT ACT, 1966, IN AREAS AT GREYTON, DISTRICT OF CALEDON, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE.

Under the powers vested in me by section 51 of the Community Development Act, 1966 (Act No. 3 of 1966), I hereby clare that the provisions of sections 16 to 23 inclusive, 29 to 37 inclusive, and 47 of the said Act shall, as from the date of publication hereof, apply in the areas defined in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twenty-sixth day of July, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

W. A. MAREE.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

BYLAE.

BLANKE GROEP.

(*a*) Begin by die westelikste baken van Erf 590, Greyton; daarvandaan noordooswaarts langs die grense van genoemde Erf 590 en Erf 568, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word, tot by die oostelikste baken van laasgenoemde erf; daarvandaan suidooswaarts in 'n reguit lyn tot by die westelike baken van Erf 364; daarvandaan noordooswaarts langs die grense van Algemene Plan G8 van Greyton-dorp, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word, tot by die punt waar die suid-oostelike grens daarvan gekruis word deur die verlenging noordweswaarts van die noordoostelike grens van Erf 589; daarvandaan suidooswaarts langs genoemde verlenging en die grense van genoemde Erf 589, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word, tot by die punt waar die verlenging noordweswaarts van die suidwestelike grens daarvan die suidoostelike grens van genoemde Algemene Plan G8 kruis; daarvandaan suidweswaarts langs die grense van genoemde Algemene Plan G8, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word, tot by die punt waar dit die middel van Markstraat (Hoofweg 5) kruis; daarvandaan noordooswaarts langs die middel van genoemde Markstraat tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging suidooswaarts van die oostelike grens van Erf 47; daarvandaan noordweswaarts langs genoemde verlenging en die oostelike grense van genoemde Erf 47 en Erf 45, sodat hulle uit hierdie gebied uitgesluit word, tot by die noordoostelike baken van laasgenoemde erf; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die suidelike baken van Erf 176; daarvandaan noordooswaarts langs die grense van genoemde Erf 176, sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word, tot by die noordelike baken daarvan; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die suidwestelike baken van genoemde Erf 590; daarvandaan noordweswaarts langs die suidwestelike grens van genoemde Erf 590 tot by eersgenoemde baken.

GEKLEURDE GROEP.

(*b*) Begin by baken J. Bc. (E343/68), Greyton; daarvandaan suidooswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordelike baken van Erf 42; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die westelike baken van Erf 176; daarvandaan noordooswaarts langs die grense van genoemde Erf 176, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word, tot by die suidelike baken daarvan; daarvandaan suidweswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordoostelike baken van Erf 45; daarvandaan suidooswaarts langs die oostelike grense van genoemde Erf 45 en Erf 47, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word, en die verlenging daarvan tot by die punt waar dit die middel van Markstraat (Hoofweg 5) kruis; daarvandaan suidweswaarts langs die middel van genoemde Markstraat en die middel van die Greyton-Caledon-hoofpad (E342/68) tot by die punt waar dit gekruis word deur die westelike grens van Erf 595; daarvandaan noordweswaarts langs die westelike grens van genoemde Erf 595 tot by eersgenoemde baken.

SCHEDULE.

WHITE GROUP.

(*a*) Beginning at the westernmost beacon of Erf 590, Greyton; thence north-eastwards along the boundaries of the said Erf 590 and Erf 568, so as to include them in this area, to the easternmost beacon of the latter erf; thence south-eastwards in a straight line to the western beacon of Erf 364; thence north-eastwards along the boundaries of General Plan G8 of Greyton Township, so as to include it in this area, to the point where the south-eastern boundary thereof is intersected by the prolongation north-westwards of the north-eastern boundary of Erf 589; thence south-eastwards along the said prolongation and the boundaries of the said Erf 589, so as to include it in this area, to the point where the prolongation north-westwards of the south-western boundary thereof intersects the south-eastern boundary of the said General Plan G8; thence south-westwards along the boundaries of the said General Plan G8, so as to include it in this area, to the point where it intersects the middle of Market Street (Main Road 5); thence north-eastwards along the middle of the said Market Street to the point where it is intersected by the prolongation south-eastwards of the eastern boundary of Erf 47; thence north-eastwards along the said prolongation and the eastern boundaries of the said Erf 47 and Erf 45, so as to exclude them from this area, to the north-eastern beacon of the latter erf; thence north-eastwards in a straight line to the southern beacon of Erf 176; thence north-eastwards along the boundaries of the said Erf 176, so as to exclude it from this area, to the northern beacon thereof; thence north-eastwards in a straight line to the south-western beacon of the said Erf 590; thence north-westwards along the south-western boundary of the said Erf 590 to the beacon first named.

COLOURED GROUP.

(*b*) Beginning at beacon J. Bc. (E343/68), Greyton; thence south-eastwards in a straight line to the northern beacon of Erf 42; thence north-eastwards in a straight line to the western beacon of Erf 176; thence north-eastwards along the boundaries of the said Erf 176, so as to include it in this area, to the southern beacon thereof; thence south-westwards in a straight line to the north-eastern beacon of Erf 45; thence south-eastwards along the eastern boundaries of the said Erf 45 and Erf 47, so as to include them in this area, and the prolongation thereof to the point where it intersects the middle of market Street (Main Road 5); thence south-westwards along the middle of the said Market Street and the middle of the Greyton-Caledon main road (E342/68) to the point where it is intersected by the western boundary of Erf 595; thence north-westwards along the western boundary of the said Erf 595 to the beacon first named.

No. 218, 1968.

BEHEER VAN KATOEN EN TABAK INSEKPESTE.—WET OP DIE SKOONMAAK VAN BOORDE EN GEKWEEKTE PLANTE, 1947 (WET No. 26 VAN 1947).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 van die Wet op die Skoonmaak van Boorde en Gekweekte Plante, 1947 (Wet No. 26 van 1947), verklaar ek hierby

No. 218, 1968.

CONTROL OF COTTON AND TOBACCO INSECT PESTS.—ORCHARDS AND CULTIVATED PLANTS CLEANSING ACT, 1947 (ACT No. 26 OF 1947).

Under the powers vested in me by section 2 of the Orchards and Cultivated Plants Cleansing Act, 1947 (Act No. 26 of 1947), I hereby declare the Magisterial

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

dat die landdrosdistrik van Groblersdal, 'n gebied is waarin die skoonmaak van katoen- en tabaklande van rooibolwurm (*Diparopsis castanea*), katoenvlekbesies (*Dysdercus* spp.) en die swartkatoenkewer (*Syagrus rugifrons*), vanaf die datum van publikasie hiervan verpligtend is vir eienaars en bewoners van grond wat binne daardie gebied geleë is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Drie-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

D. C. H. UYS.

No. 219, 1968.

WET OP HUURGELDE, 1950.—INTREKKING VAN PROKLAMASIE No. 101 VAN 1968.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 33 (1B) van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), trek ek hierby Proklamasie No. 101 van 1968 in.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vier-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

W. A. MAREE.

No. 220, 1968.

VERKLARING DAT DIE BEPALINGS VAN DIE WET OP HUURGELDE, 1950, VAN TOEPASSING SAL WEES TEN OPSIGTE VAN DIE BESIGHEIDSPERSELE IN 'N SPESIFIEKE GEBOU.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 33 (1A) van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Wet vanaf die 31ste dag van Mei 1968 *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van—

die besigheidspersele in die gebou op Erf 76, geleë aan Webberweg, Lambton, Germiston, in die distrik Germiston,

wat vir die eerste keer na die twintigste dag van Oktober 1949 en voor die eerste dag van Junie 1966 geokkupeer of gebruik is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vier-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

W. A. MAREE.

District of Groblersdal to be an area within which the cleansing of cotton and tobacco fields from red bollworm (*Diparopsis castanea*), cotton stainers (*Dysdercus* spp.) and black cotton beattle (*Syagrus rugifrons*) shall be compulsory upon owners and occupiers of land situated within that area as from the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twenty-third day of July, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

D. C. H. UYS.

No. 219, 1968.

RENTS ACT, 1950.—WITHDRAWAL OF PROCLAMATION No. 101 OF 1968.

Under the powers vested in me by section 33 (1B) of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), I hereby withdraw Proclamation No. 101 of 1968.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twenty-fourth day of July, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

W. A. MAREE.

No. 220, 1968.

DECLARATION THAT THE PROVISIONS OF THE RENTS ACT, 1950, SHALL APPLY IN RESPECT OF THE BUSINESS PREMISES IN A SPECIFIC BUILDING.

Under the powers vested in me by section 33 (1A) of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), I do hereby declare that the provisions of the said Act shall as from the 31st day of May 1968, apply *mutatis mutandis* in respect of—

the business premises in the building on Erf 76, situate in Webber Road, Lambton, Germiston, in the District of Germiston,

occupied or used for the first time after the twentieth day of October 1949, and before the first day of June 1966.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twenty-fourth day of July, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

W. A. MAREE.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 221, 1968.

INWERKINGTREDING VAN DIE WYSIGINGSWET OP DIE VERTEENWOORDIGENDE KLEURLINGRAAD, 1968 (WET No. 52 van 1968).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 20 (1) van die Wysigingswet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad, 1968 (Wet No. 52 van 1968), bepaal ek hierby dat genoemde Wet met ingang van 1 Augustus 1968 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Dertigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. VILJOEN.

No. 221, 1968.

COMING INTO OPERATION OF THE COLOURED PERSONS REPRESENTATIVE COUNCIL AMENDMENT ACT, 1968 (ACT No. 52 OF 1968).

Under the powers vested in me by section 20 (1) of the Couloured Persons Representative Council Amendment Act, 1968 (Act No. 52 of 1968), I hereby determine that the said Act shall come into operation with effect from 1 August 1968.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirtieth day of July, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. VILJOEN.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 1345. 9 Augustus 1968.

LOONWET, 1957.

VISVERWERKINGSNYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.

In opdrag van die Minister van Arbeid, word almal wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak word deur die aanbeveling wat die Loonraad aan die Minister voorgelê het en wat in die Bylae hiervan verskyn, hierby ooreenkomstig artikel 13 (1) (*a*) van die Loonwet, 1957, versoek om, as hulle besware het teen die maak van 'n vasstelling ooreenkomstig die aanbeveling, daardie besware binne 30 dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Privaatsak 117, Pretoria, in te dien.

Indien bogenoemde aanbeveling van die Loonraad, na oorweging van enige besware wat ingedien mag word deur die Minister as 'n loonvasstelling gepubliseer word, is die Minister van voorneme om kragtens artikel 16 van die Loonwet, 1957, Loonvasstelling No. 249 wat tans op hierdie Nywerheid van toepassing is, in te trek vanaf die datum waarop die nuwe loonvasstelling van krag word. Enige persoon wat kommentaar oor die voorgestelde intrekking wil lewer moet sodanige kommentaar ook binne 30 dae na publikasie hiervan aan die Sekretaris van Arbeid, Privaatsak 117, Pretoria, voorlê.

Opmerking.—Die Loonraadverslag wat op hierdie aanbeveling betrekking het, is beskikbaar vir insae by die kantore van die Afdelingsinspekteurs, Departement van Arbeid, Johannesburg, Pretoria, Durban, Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen, George, Kimberley en Bloemfontein. Persone wat besware indien in 'n ander vorm as in manuskrip, word versoek om sewe afskrifte van hulle besware en sewe afskrifte van alle bygaande dokumente te verstrek.

BYLAE.

AANBEVELING AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID DEUR AFDELING A VAN DIE LOONRAAD.

VISVERWERKINGSNYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.

1. GEBIED EN OMVANG VAN DIE VASSTELLING.

Hierdie Vasstelling is van toepassing op alle werknemers, uitgesonderd bestuurders, in die Visverwerkingsnywerheid in die landdrosdistrikte Bellville, Die Kaap, Clanwilliam, Hopefield, Malmesbury, Namakwaland, Piketberg, Simonstad, Vanrhynsdorp, Vredenburg, Vredendal en Wynberg, en op die werkgewers van sodanige werknemers.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 1345. 9 August 1968.

WAGE ACT, 1957.

FISH PROCESSING INDUSTRY, CERTAIN AREAS.

By direction of the Minister of Labour, all persons whose interests may be affected directly or indirectly by the recommendation which has been submitted to the Minister by the Wage Board and which appears in the Schedule hereto and who have any objections to the making of a determination in accordance with the recommendation are hereby, in terms of section 13 (1) (*a*) of the Wage Act, 1957, invited to lodge such objections in writing with the Secretary for Labour, Private Bag 117, Pretoria, within 30 days after publication of this notice.

Should the above-mentioned recommendation of the Wage Board, after consideration of any objection that may be submitted, be published by the Minister as a wage determination, the Minister, in terms of section 16 of the Wage Act, intends to cancel Wage Determination No. 249, which presently applies to this industry, as from the date on which the new wage determination becomes binding. Any person who desires to comment on the proposed cancellation must also submit such comments within 30 days after publication hereof to the Secretary for Labour, Private Bag 117, Pretoria.

Note.—The report of the Wage Board pertaining to this recommendation is available for inspection at the offices of the Divisional Inspectors, Department of Labour, Johannesburg, Pretoria, Durban, Cape Town, Port Elizabeth, East London, George, Kimberley and Bloemfontein. Persons lodging objections other than in manuscript are requested to furnish seven copies of their statement of objections and seven copies of any accompanying documents.

SCHEDULE.

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY DIVISION A OF THE WAGE BOARD.

FISH PROCESSING INDUSTRY, CERTAIN AREAS.

1. AREA AND SCOPE OF DETERMINATION.

This Determination shall apply in the Magisterial Disricts of Bellville, The Cape, Clanwilliam, Hopefield, Malmesbury, Namaqualand, Piketberg, Simonstown, Vanrhynsdorp, Vredenburg, Vredendal and Wynberg to all employees, other than managers, in the Fish Processing Industry and to the employers of such employees.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

2. WOORDOMSKRYWINGS.

(*a*) Tensy uit die samehang anders blyk, het iedere uitdrukking wat in hierdie Vasstelling gebesig en in die Loonwet, 1957, omskryf word, dieselfde betekenis as in daardie Wet en, tensy onbestaanbaar met die samehang, beteken—

(1) "afbreker" 'n werknemer wat kreefsterte van die liggame verwyder; (7)

(2) "afdopper" 'n werknemer wat die dop van die kreef se stert verwyder; (74)

(3) "ambagsman" 'n werknemer wat werk doen wat in die reël deur 'n geskoolde ambagsman verrig word, en by die toepassing van hierdie woordomskrywing beteken die uitdrukking "geskoolde ambagsman" iemand wat sy leertyd uitgedien het in 'n bedryf wat kragtens die Wet op Vakleerlinge, 1944, aangewys is of geag word aangewys te wees, of wat in besit is van 'n vaardigheidsertifikaat deur die Registrateur van Vakleerlinge aan hom uitgereik ingevolge artikel 6 van die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, of 'n sertifikaat deur genoemde Registrateur aan hom uitgereik ingevolge òf artikel 2 (7) òf artikel 7 (3) van genoemde Wet; (1)

(4) "arbeider" 'n werknemer wat een of meer van die volgende werksaamhede verrig:—

(*a*) Bakke, kratte of kiste van duie of voorafbereide materiaal met die hand inmekaarsit (insluitende aanmekaarspyker);

(*b*) op afleweringsvoertuie behulpsaam wees, uitgesonderd die voertuie bestuur of herstelwerk aan hulle doen;

(*c*) stoomketels of tenks binne-in skoonmaak;

(*d*) persele, voertuie, installasie, implemente, masjinerie, gereedskap, werktuie, meubels of ander artikels skoonmaak, vee of was, uitgesonderd die was van vis;

(*e*) boodskappe of artikels binne 'n bedryfsinrigting aflewer of afhaal;

(*f*) houers leegmaak;

(*g*) 'n masjien met die hand voer of vis, kiste, blikke of ander houers op vervoerbande plaas of daarvan afhaal;

(*h*) tuinwerk;

(*i*) vis op die dek of in die ruim van 'n vissersboot met 'n waterslang bespuit om die aflaai te vergemaklik;

(*j*) goedere of artikels met die hand oplig, dra, versit of opstapel;

(*k*) laai of aflaai;

(*l*) duie losmaak;

(*m*) tee, koffie of soortgelyke dranke maak;

(*n*) kiste, bale, konkas of ander pakkette oopmaak, verseël of toemaak, met inbegrip van kartonhouers vasgom of vaslym;

(*o*) krane of kleppe onder toesig oop- of toemaak;

(*p*) 'n hyser, windas of kapstander met die hand bedien;

(*q*) artikels van eenvormige grootte en getal verpak in houers wat spesiaal gemaak is om sodanige artikels te bevat;

(*r*) met die hand 'n deksel of ander sluiting op bottels of blikke sit of papierskyfies op deksels of op verpakte blikke sit of perkamentvierkante in leë blikke plaas;

(*s*) enige voertuig of trok stoot of trek, uitgesonderd deur middel van 'n kragtoestel;

(*t*) vuilgoed of as verwyder;

(*u*) visafval verwyder;

(*v*) vis volgens grootte of soort sorteer;

(*w*) vis op 'n band of vervoerder sprei of plaas;

(*x*) gebuigde flense van blikke reguit maak;

(*y*) riffelveselbord- of dergelike houers met die hand uitpak of oopmaak of klaargemaakte houers opstel;

(*z*) bottels, blikke, skottels of ander houers met die hand was;

(*aa*) volgens gestelde skaal afweeg; (59)

(5) "assistent-voorman" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman, enigeen van die werksaamhede of pligte van 'n voorman verrig en wat gedurende sy afwesigheid namens hom kan waarneem; (2)

(6) "bediener van 'n afvalwaterinstallasie" 'n werknemer wat die vloei van ongekonsentreerde afvalwater na 'n verdampings- of konsentrasie-installasie vir afvalwater reguleer, die vloei van afvalwater van die een vat na die ander reguleer, die stoomdruk beheer en die gekonsentreerde afvalwater wegpomp en wat ook die viskositeit of digtheid van die gekonsentreerde afvalwater mag toets; (79)

(7) "bediener van 'n droogdrom" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, 'n droogdrom bedien of die vloei van oplosbare viskonsentraat na die dromme reguleer en wat vir die gehalte van die gedroogde produk verantwoordelik is; (22)

(8) "bediener van 'n outomatiese klink- of dubbelnaatmasjien" 'n werknemer wat deksels in die vultregter of voerder van 'n outomatiese klink- of dubbelnaatmasjien voer en wat die masjien mag aan- en afskakel en versperrings in die baan mag verwyder; (3)

2. DEFINITIONS.

(*a*) Unless the context otherwise indicates, any expression which is used in this Determination and which is defined in the Wage Act, 1957, has the same meaning as in that Act and unless inconsistent with the context—

(1) "artisan" means an employee who is engaged in work normally performed by a skilled artisan and for the purpose of this definition the expression "skilled artisan" means a person who has served his apprenticeship in a trade designated or deemed to have been designated under the Apprenticeship Act, 1944, or who holds a certificate of proficiency issued to him by the Registrar of Apprenticeship in terms of section 6 of the Training of Artisans Act, 1951, or a certificate issued to him by the said Registrar in terms of either section 2 (7) or section 7 (3) of the said Act; (3)

(2) "assistant foreman" means an employee who, under the general supervision of a foreman, performs any of the activities or duties of a foreman and who may act for him during his absence; (5)

(3) "automatic clinching or double seaming machine feeder" means an employee who feeds lids into the hopper or feed of an automatic clinching or double seaming machine and who may start and stop the machine and clear obstructions in the runway; (8)

(4) "bloodwater tank attendant" means an employee who is engaged in the pumping of bloodwater into tanks and the boiling and pumping away thereof; (60)

(5) "boiler attendant" means an employee who, under general supervision, maintains the water level and steam pressure in a boiler and who may make, maintain or draw the fire in such boiler; (26)

(6) "boiler attendant-in-charge" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is in charge of one or more boiler attendants or who is responsible for maintaining the water level and steam pressure in more than one boiler; (56)

(7) "breaker" means an employee who is engaged in removing rock lobster tails from the bodies; (1)

(8) "can packer" means an employee who is engaged in packing raw or cooked fish into cans or other consumer containers by hand; (16)

(9) "can tester" means an employee who tests cans by means of any instrument, cuts open sample cans or prepares the seams for inspection and measurement; (15)

(10) "casual employee" means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any week; (35)

(11) "centrifuge operator" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is engaged in regulating the flow of liquid into centrifuges and who is responsible for maintaining the proper degree of clarity of the outflowing oil; (9)

(12) "chargehand" means an employee who, under the general supervision of a foreman, assistant foreman, forewoman or supervisor, is in charge of a group of labourers; (43)

(13) "clerk" means an employee who is engaged in writing, typing, filing, operating a calculating or a punch card machine or in any other form of clerical work and includes a cashier, storeman, a despatch clerk and a telephone switchboard operator, but does not include any other class of employee elsewhere defined in this clause notwithstanding the fact that clerical work may form a portion of such employee's work; (27)

(14) "clerk, female, qualified," means a female clerk who has had not less than four years' experience; (30)

(15) "clerk, female, unqualified," means a female clerk who has had less than four years' experience; (31)

(16) "clerk, male, qualified," means a male clerk who has had not less than five years' experience; (28)

(17) "clerk, male, unqualified," means a male clerk who has had less than five years' experience; (29)

(18) "curer" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is responsible for the salting of fish, the preparation of brine and for determining the length of time which fish should remain in the brine; (11)

(19) "day" means the period of 24 hours calculated from the time the employee commences work; (17)

(20) "despatch clerk" means an employee who is responsible for the despatch or the packing of goods for transport or delivery and who may supervise the assembling, checking, weighing, packing, marking, addressing or despatching of such goods or packages; (58)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(9) "bediener van 'n sentrifugeermasjien" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, die vloei van vloeistof in sentrifugeermasjiene reguleer en wat daarvoor verantwoordelik is om die regte graad van helderheid in die uitvloeiende olie in stand te hou; (11)

(10) "bedryfsinrigting" 'n perseel waarop of in verband waarmee een of meer werknemers in die Visverwerkingsnywerheid in diens is; (25)

(11) "bereider" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, verantwoordelik is vir die insout van vis, die bereiding van pekel en om die tydsduur te bepaal wat die vis in die pekel moet bly; (18)

(12) "bestuurder" 'n werknemer wat deur sy werkgewer belas is met die algemene—

(*a*) toesig oor,
(*b*) verantwoordelikheid vir, en
(*c*) leiding van

die werksaamhede van 'n bedryfsinrigting en die werknemers wat daarin werksaam is; (63)

(13) "bestuurder van interne vervoer" 'n werknemer wat 'n mobiele kragvoertuig of 'n hystoestel bestuur of bedien wat gebruik word vir die laai, aflaai, verskuiwing of opstapeling van goedere binne 'n bedryfsinrigting; (58)

(14) "bestuurder van 'n motorvoertuig" 'n werknemer wat 'n motorvoertuig bestuur, en by die toepassing van hierdie woordomskrywing omvat die uitdrukking "'n motorvoertuig bestuur" alle tydperke wat hy bestuur, alle tyd wat hy bestee aan werk in verband met die voertuig of die vrag en alle tydperke wat hy verplig is om op sy pos gereed te bly om te bestuur; (21)

(15) "bliktoetser" 'n werknemer wat blikke deur middel van 'n instrument toets, monsterblikke oopsny en/of die nate voorberei vir toets- en meetwerk; (9)

(16) "blikverpakker" 'n werknemer wat rou of gekookte vis met die hand in blikke of ander verbruikershouers pak; (8)

(17) "dag" die tydperk van 24 uur bereken vanaf die tydstip waarop die werknemer begin werk; (19)

(18) "deeltydse bestuurder van 'n motorvoertuig" 'n werknemer wat in die reël ander werk doen as om 'n motorvoertuig te bestuur maar wat op meer as twee dae in 'n week 'n motorvoertuig vir altesaam hoogstens drie uur op enige sodanige dag bestuur, en by die toepassing van hierdie woordomskrywing omvat die uitdrukking "'n motorvoertuig bestuur" alle tydperke wat hy bestuur en alle tyd wat die bestuurder, terwyl hy in die beheer van die voertuig is, aan werk in verband met die voertuig of die vrag bestee; (67)

(19) "eerstehulpbeampte" 'n werknemer wat 'n geldige sertifikaat van bevoegdheid het in eerstehulp wat deur enigeen van die volgende organisasies uitgereik is:—

(*a*) Die Rooikruisvereniging van Suid-Afrika;
(*b*) die St. John's Ambulance Association;
(*c*) die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga;

en wat beheer voer oor 'n eerstehulpkamer; (32)

(20) "eerste koker" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman, assistent-voorman of toesighouer, vir die eerste of vooraf kook van vis in 'n retort verantwoordelik is; (33)

(21) "fabrieksklerk" 'n werknemer wat een of meer van die volgende pligte verrig:—

(*a*) Bestellings opmaak;
(*b*) etikette uitreik en aanteken;
(*c*) hoeveelhede of gewig van goedere aanteken, uitgesonderd vis wat deur 'n teller of visafweër geweeg word;
(*d*) bywoningsregisters nagaan of besonderhede aanteken van werknemers wat by die werk is of van die werk afwesig is;
(*e*) stukwerkverdienste aanteken; (28)

(22) "fabrieksklerk, gekwalifiseerd," 'n fabrieksklerk met minstens 12 maande ondervinding; (29)

(23) "fabrieksklerk, ongekwalifiseerd," 'n fabrieksklerk met minder as 12 maande ondervinding; (30)

(24) "faktotum" 'n werknemer wat kleinere herstelwerk of verstellings doen aan masjinerie of uitrusting, uitgesonderd masjinerie of uitrusting wat regstreeks gebruik word by die vervaardiging van die produkte van 'n bedryfsinrigting, en wat ook kleinere herstelwerk of opknappings aan geboue mag doen maar wat geen werk verrig wat gewoonlik deur 'n ambagsman gedoen word nie; (56)

(25) "Houtbaai" die plaaslike gebied van Houtbaai wat onder die Afdelingsraad van die Kaap val; (57)

(26) "ketelbediener" 'n werknemer wat onder algemene toesig die waterpeil en stoomdruk in 'n stoomketel in stand hou en wat die vuur in sodanige stoomketel mag maak, stook of uithaal; (5)

(21) "driver of a motor vehicle" means an employee who is engaged in driving a motor vehicle and for the purpose of this definition the expression "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver on work connected with the vehicle or the load and all periods during which he is obliged to remain at his post in readiness to drive; (14)

(22) "drum drier operator" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is engaged in operating a drum drier or in regulating the flow of concentrated fish solubles onto the drums and who is responsible for the quality of the dried material; (7)

(23) "dyer" means an employee who dips fish into vats containing dye or colouring matter; (32)

(24) "emergency work" means—

(*a*) any work, which, owing to unforeseen circumstances such as fire, storm, accident, epidemic, act of violence, theft or a breakdown of plant or machinery, must be done without delay;

(*b*) any work connected with the loading or unloading of—

(i) ships;
(ii) trucks or vehicles of the South African Railways and Harbours; or
(iii) vehicles used by a cartage contractor in the fulfilment of his contract as such with the South African Railways and Harbours; or

(*c*) any work in conection with the overhauling or repairing of plant or machinery which cannot be performed during ordinary working hours; (41)

(25) "establishment" means any premises in or in connection with which one or more employees are employed in the Fish Processing Industry; (10)

(26) "exhaust box attendant" means an employee who, under general supervision, controls the flow of steam to and the temperature or pressure in an exhaust box; (63)

(27) "experience" means in relation to—

(*a*) a clerk or a factory clerk, the total period or periods of employment which an employee has had as a clerk or a factory clerk, respectively, in any trade or in the service of the State;

(*b*) any other class of employee, the total period or periods of employment which an employee has had in his class in the Fish Processing Industry; (44)

(28) "factory clerk" means an employee who is engaged in any one or more of the following duties:—

(*a*) Assembling orders;
(*b*) issuing or recording labels;
(*c*) recording quantities or weights of goods, other than fish weighed by a tallyman or fish weigher;
(*d*) checking attendance records or recording particulars of employees at work or absent from work;
(*e*) recording piece-work earnings; (21)

(29) "factory clerk, qualified," means a factory clerk who has had not less than 12 months' experience; (22)

(30) "factory clerk unqualified," means a factory clerk who has had less than 12 months' experience; (23)

(31) "fireman" means an employee who is engaged in making or maintaining fires in boilers, including stoking, slicing or raking; (52)

(32) "first-aid officer" means an employee who holds a current certificate of competence in first-aid issued by any of the following organisations:—

(*a*) Red Cross Society of South Africa;
(*b*) St John's Ambulance Association;
(*c*) Noodhulpliga van Suid-Afrika;

and who is in charge of a first-aid room; (19)

(33) "first cooker" means an employee who, under the general supervision of a foreman, assistant foreman or supervisor, is responsible for the first or pre-cooking of fish in a retort; (20)

(34) "fish" means any form of marine life ordinarily used as food for human consumption; (64)

(35) "fish ball maker" means an employee who is engaged in operating a mixing or cutting machine and attending to the cooking pots used in the making of fish balls; (67)

(36) "fish cake maker" means an employee who is engaged in operating a mixing or cutting machine and attending to the frying machine used in the making of fish cakes; (69)

(37) "fish frier" means an employee who is engaged in frying fish; (66)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(27) "klerk" 'n werknemer wat skryf-, tik- of liasseerwerk verrig, 'n reken- of ponskaartmasjien bedien, of enige ander soort klerklike werk verrig en omvat dit ook 'n kassier, magasynman, versendingsklerk en telefoonskakelbordoperateur, maar geen ander klas werknemer wat elders in hierdie klousule omskryf word nie, al maak klerklike werk ook deel uit van so 'n werknemer se werk; (13)

(28) "klerk, man, gekwalifiseerd," 'n manlike klerk met minstens vyf jaar ondervinding; (16)

(29) "klerk, man, ongekwalifiseerd," 'n manlike klerk met minder as vyf jaar ondervinding; (17)

(30) "klerk, vrou, gekwalifiseerd," 'n vroulike klerk met minstens vier jaar ondervinding; (14)

(31) "klerk, vrou, ongekwalifiseerd," 'n vroulike klerk met minder as vier jaar ondervinding; (15)

(32) "kleurder" 'n werknemer wat vis in kuipe met kleurstof of kleursel indoop; (23)

(33) "korttyd" 'n tydelike vermindering van die getal gewone werkure weens 'n slapte in die bedryf, 'n tekort aan grondstowwe of vervoer, wisselvalligheid van die weer, of as gevolg van die feit dat die masjinerie of installasie uit orde is of dat die geboue onbruikbaar is of dreig om dit te word; (76)

(34) "loon" die bedrag wat ingevolge klousule 3 (1) aan 'n werknemer betaalbaar is ten opsigte van sy gewone werkure soos by klousule 5 voorgeskryf: Met dien verstande—

(i) dat, as 'n werkgewer 'n werknemer ten opsigte van sodanige gewone werkure gereeld 'n hoër bedrag betaal as dié in klousule 3 (1) voorgeskryf, dit sodanige hoër bedrag beteken;

(ii) dat die eerste voorbehoudsbepaling nie so uitgelê mag word nie dat dit besoldiging bedoel of omvat wat 'n werknemer wat in diens is op enige grondslag waarvoor daar in klousule 9 voorsiening gemaak word, ontvang bo en behalwe die bedrag wat hy sou ontvang het as hy nie op sodanige grondslag in diens was nie; (85)

(35) "los werknemer" 'n werknemer wat hoogstens drie dae in 'n week by dieselfde werkgewer in diens is; (10)

(36) "masjienbediener of -versorger" 'n werknemer wat 'n kragmasjien bedien, versorg, aan- of afskakel, wat die werk deur die masjien gedoen ondersoek of nagaan, wat geringe lopende herstel- of verstellingswerk aan die masjien mag doen en wat sodanige masjien mag voer en goed daarvan mag afhaal, en het die uitdrukking "'n masjien bedien" of "'n masjien versorg", 'n ooreenstemmende betekenis; (62)

(37) "masjienfaktotum" 'n werknemer, uitgesonderd 'n ambagsman, wat kleinere herstelwerk of verstellings doen aan masjinerie of uitrusting wat regstreeks gebruik word by die vervaardiging van die produkte van 'n bedryfsinrigting maar wat geen werk verrig wat gewoonlik deur 'n ambagsman gedoen word nie; (61)

(38) "meulversorger" 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of assistent-voorman, nat of droë meulens aan die gang sit, stopsit en skoonmaak, die vloei van materiaal na die meulens reguleer en wat die magnete aan of voor meulens periodiek mag skoonmaak; (64)

(39) "motorvoertuig" enige kragaangedrewe voertuig wat gebruik word vir die vervoer van goedere buite die werkgewer se bedryfsinrigting en omvat dit 'n voorhaker maar nie 'n trekker nie; (65)

(40) "nagskof" enige werktydperk tussen 6 nm. en 6 vm.; (66)

(41) "noodwerk"—

(*a*) enige werk wat weens onvoorsiene omstandighede soos 'n brand, storm, ongeluk, epidemie, gewelddaad, diefstal, of 'n onklaarraking van installasie of masjinerie sonder versuim gedoen moet word;

(*b*) enige werk in verband met die laai of aflaai van—

(i) skepe;

(ii) spoorwaens of voertuie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens; of

(iii) voertuie wat deur 'n vervoerkontrakteur gebruik word in die nakoming van sy kontrak as sodanig met die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens; of

(*c*) enige werk in verband met die opknapping of herstel van installasie of masjinerie wat nie gedurende gewone werkure verrig kan word nie; (24)

(42) "onbelaste gewig" die gewig van 'n motorvoertuig of sleepwa soos aangegee in 'n lisensie of sertifikaat wat ten opsigte van so 'n motorvoertuig of sleepwa uitgereik is deur 'n owerheid wat by wet gemagtig is om lisensies ten opsigte van motorvoertuie uit te reik: Met dien verstande dat, in die geval van 'n twee- of driewielige motorfiets, bromponie of bromfiets of trapfiets met hulpmotor, die onbelaste gewig geag word hoogstens 1,000 lb te wees; (84)

(38) "Fish Processing Industry" means the industry in which employers and employees are associated in establishments which are registered or liable for registration in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, for the purpose of carrying on any one or more of the following activities, namely:—

(i) The bottling, canning, curing, preserving (including preservation by means of freezing or deepfreezing), salting, smoking or drying of fish for human consumption;

(ii) the manufacture of fish products intended for human consumption;

(iii) the manufacture of fish meal;

(iv) the manufacture or bottling of fish oil;

and includes all activities incidental to or consequent on any of the aforesaid activities; (74)

(39) "fish meal cooker attendant" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is engaged in regulating the feed of fish to and the temperatures and pressures in a continuous cooker in a fish meal plant; (61)

(40) "fish press attendant" means an employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is engaged in regulating the speed of a fish press and in pumping away of the expressed liquid; (70)

(41) "fish pump operator" means an employee who is engaged in priming, starting or operating a vacuum, water or fish pump or other equipment such as an elevator or a conveyor used in the pumping out or offloading of fish from a fishing boat; (71)

(42) "fish separator" means an employee who is engaged in feeding fish into a fish skinning machine; (73)

(43) "fish tank attendant" means an employee who is engaged in regulating the flow of fish to or from fish tanks, bins or hoppers; (72)

(44) "fish weigher" means an employee who is engaged in regulating the flow of fish into the hopper of a scale and discharging the fish from such hopper on completion of the weighing cycle and who may operate the weight printing or recording mechanism of the scale; (65)

(45) "fish worker" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities or activities:—

(*a*) dyer;

(*b*) filleting, scaling, trimming, washing, scraping or cutting fish or removing skins from fish by hand;

(*c*) sticker;

(*d*) breaker;

(*e*) sheller;

(*f*) gutter;

(*g*) packer, other than a can packer or an employee referred to in item (*q*) of labourer; (75)

(46) "foreman" means an employee who is in charge of the employees in an establishment, who exercises control over such employees and who is responsible for the efficient performance by them of their duties; (76)

(47) "forewoman" means a female employee who, under the general supervision of a foreman or assistant foreman, is in charge of the female employees in an establishment, who exercises control over such employees and who is responsible for the efficient performance by them of their duties; (77)

(3) *Etenspouses.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om meer as vyf uur aaneen sonder 'n etenspouse van minstens een uur te werk nie, en gedurende sodanige pouse mag daar nie van sodanige werknemer vereis word of mag hy nie toegelaat word om enige werk te verrig nie, en sodanige pouse maak nie deel van die gewone werkure of oortydure uit nie: Met dien verstande dat—

(i) 'n werkgewer met sy werknemer ooreen mag kom om die duur van sodanige pouse tot uiters 'n halfuur te verkort, en in dié geval en nadat die werkgewer die Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, Kaapstad, skriftelik in kennis gestel het van sodanige ooreenkoms, kan die pouse aldus verkort word;

(ii) werktydperke wat onderbreek word deur pouses van minder as een uur, uitgesonderd waar voorbehoudsbepaling (i) of (v) van toepassing is, geag word aaneenlopend te wees;

(iii) as sodanige pouse langer as een uur is, enige tyd wat een en 'n kwart uur te bowe gaan, geag word werktyd te wees;

(iv) alleenlik een sodanige pouse gedurende die gewone werkure van 'n werknemer op 'n dag nie deel van die gewone werkure mag uitmaak nie;

(v) wanneer daar, vanweë oortyd wat gewerk is, van 'n werkgewer vereis word om op 'n dag 'n tweede etenspouse aan 'n werknemer toe te staan, sodanige pouse op versoek van die werknemer tot 15 minute verkort mag word;

(vi) 'n bestuurder van 'n motorvoertuig wat gedurende sodanige pouse geen ander werk verrig as om in die beheer van die voertuig te wees of te bly nie, by die toepassing van hierdie subklousule geag word nie gedurende sodanige pouse te gewerk het nie.

(4) *Ruspouses.*—'n Werkgewer moet, so na as doenlik aan die middel van elke eerste en tweede werktydperk van die dag, aan elkeen van sy werknemers 'n ruspouse van minstens 10 minute toestaan waarin daar nie van die werknemer vereis of hy nie toegelaat mag word om werk te verrig nie, en so 'n pouse word geag deel van die gewone werkure van so 'n werknemer uit te maak.

(5) *Werkure moet agtereenvolgend wees.*—Behoudens die bepalings van subklousule (3), moet alle werkure van 'n werknemer op iedere dag agtereenvolgend wees.

(6) *Oortydwerk.*—Alle tyd, uitgesonderd dié op 'n Sondag, wat 'n werknemer langer werk as die getal gewone werkure wat in subklousules (1) en (2) voorgeskryf word, is oortydwerk.

(7) *Beperking van oortydwerk.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om langer oortyd te werk nie as—

(*a*) in die geval van 'n los werknemer, twee uur op 'n dag;

(*b*) in die geval van 'n ander werknemer, 20 uur in 'n week.

(*d*) whenever the ordinary hours of work prescribed in clause 5 are reduced on account of short-time, a deduction to the amount of the employee's (other than a casual employee's) hourly wage in respect of each hour of such reduction: Provided that no deduction shall be made in respect of the first hour not worked, unless the employer has given his employee notice on the previous day that no work will be available;

(*e*) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which an employer has paid to any municipal council or other local authority in respect of the rent of any house or accommodation in any hostel occupied by such employee in any location or Bantu village under the control of such council or other local authority.

5. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME, AND PAYMENT FOR OVERTIME.

(1) *Ordinary hours of work.*—An employer shall not require or permit an employee, other than a casual employee, to work more ordinary hours of work than—

(*a*) in the case of an employee who works a six-day week—

(i) 46 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to subparagraph (i) hereof, eight on any day, unless the hours on one day do not exceed five, in which case the hours on any of the other days may be extended to eight-and-one-half;

(*b*) in the case of an employee who works a five-day week—

(i) 46 in any week from Monday to Friday, inclusive; and

(ii) subject to subparagraph (i) hereof, nine and one-quarter on any day.

(2) An employer shall not require or permit a casual employee to work more ordinary hours of work than eight and one-half on any day.

(3) *Meal intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than one hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall not form part of the ordinary hours of work or overtime: Provided that—

(i) an employer may agree with his employee to reduce the period of such interval to not less than half-an-hour, and in that event, and after the employer has informed the Divisional Inspector, Department of Labour, Cape Town, in writing of such agreement, the interval may be so reduced;

(ii) periods of work interrupted by intervals of less than one hour, except when proviso (i) or (v) applies, shall be deemed to be continuous;

(iii) if such interval be longer than one hour, any period in excess of one and one-quarter hours shall be deemed to be time worked;

(iv) only one such interval during the ordinary hours of work of an employee on any day shall not form part of the ordinary hours of work;

(v) when on any day by reason of overtime work an employer is required to give an employee a second meal interval, such interval may, at the request of the employee be reduced to 15 minutes;

(vi) a driver of a motor vehicle who during such interval does no work other than being or remaining in charge of the vehicle shall be deemed for the purposes of this subclause not to have worked during such interval.

(4) *Rest intervals.*—An employer shall grant to each of his employees a rest interval of not less than 10 minutes as near as practicable in the middle of each first and second work period of the day, and during such interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed to be part of the ordinary hours of work of such employee.

(5) *Hours of work to be consecutive.*—Save as provided in subclause (3), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.

(6) *Overtime.*—All time worked, other than on a Sunday, in excess of the number of ordinary hours of work prescribed in subclauses (1) and (2) shall be overtime.

(7) *Limitation of overtime.*—An employer shall not require or permit an employee to work overtime for more than—

(*a*) in the case of a casual employee, two hours on any day;

(*b*) in the case of any other employee, 20 hours in any week.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(8) *Vroulike werknemers.*—Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, mag 'n werkgewer nie van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om—

(*a*) tussen 6-uur nm. en 6-uur vm. te werk nie;

(*b*) op meer as vyf dae in 'n week na 1-uur nm. te werk nie;

(*c*) meer as twee uur oortyd op 'n dag te werk nie, met die uitsondering dat 'n werknemer wat 'n werkweek van vyf dae het, op 'n Saterdag tot vier uur oortyd mag werk;

(*d*) op meer as drie agtereenvolgende dae in 'n week oortyd te werk nie;

(*e*) op meer as 60 dae in 'n jaar oortyd te werk nie;

(*f*) na voltooiing van haar gewone werkure meer as een uur op 'n dag oortyd te werk nie tensy hy—

(i) sodanige werknemer voor die middag kennis daarvan gegee het; of

(ii) sodanige werknemer van 'n toereikende ete voorsien en haar genoeg tyd gelaat het om dit te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin; of

(iii) sodanige werknemer minstens 25 sent betyds betaal het om haar in staat te stel om 'n ete te verkry en te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin.

(9) *Betaling vir oortydwerk.*—'n Werkgewer moet 'n werknemer wat oortyd werk, betaal teen minstens—

(*a*) in die geval van 'n los werknemer, een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer op 'n dag gewerk;

(*b*) in die geval van 'n ander werknemer—

(i) een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van oortydwerk van altesaam hoogstens 10 uur deur sodanige werknemer in 'n week gewerk;

(ii) een en 'n half maal sy gewone loon ten opsigte van oortydwerk van altesaam meer as 10 uur deur sodanige werknemer in 'n week gewerk.

(10) *Voorbehoudsbepalings.*—(*a*) Die bepalings van hierdie klousule is nie op 'n voorman of op 'n senior bestuurs- of administratiewe werknemer of op 'n tegniese of professionele werknemer van toepassing nie indien en solank so 'n werknemer gereeld 'n loon teen minstens R200 per maand ontvang.

(*b*) Die bepalings van subklousules (3), (4), (5) en (7) is nie op 'n werknemer van toepassing nie terwyl hy noodwerk verrig.

(*c*) Die bepalings van subklousule (4) is nie op 'n eerstehulpbeampte, 'n bestuurder van 'n motorvoertuig, 'n arbeider wat op 'n aflewerings voertuig help, 'n deeltydse bestuurder van 'n motorvoertuig, 'n ketelbediener, 'n toesighoudende ketelbediener, 'n werknemer wat aflaai of 'n werknemer wat regstreeks met die produksie van vismeel of visolie werksaam is, van toepassing nie.

(*d*) Die bepalings van hierdie klousule is nie op 'n wag wie se werkgewer hom 'n dag van 24 agtereenvolgende ure ten opsigte van elke week diens vry afgee, van toepassing nie: Met dien verstande dat—

(i) hy geen bedrag van sy wag se loon ten opsigte daarvan aftrek nie;

(ii) 'n werkgewer, in plaas daarvan dat hy sodanige dag vry af aan sy wag gee, sodanige wag dié loon mag betaal wat hy sou ontvang het indien hy nie op sodanige dag gewerk het nie, plus 'n bedrag van minstens twee maal sy dagloon ten opsigte van sodanige dag wat nie toegestaan is nie.

6. JAARLIKSE VERLOF.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, ten opsigte van iedere voltooide tydperk van 12 maande diens by hom verlof verleen van—

(*a*) in die geval van 'n wag, 21 agtereenvolgende dae;

(*b*) in die geval van iedere ander werknemer, 14 agtereenvolgende dae;

en moet hy sodanige werknemer ten opsigte van sodanige verlof betaal—

(i) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (*a*) vermeld, 'n bedrag van minstens drie maal die weekloon waarop hy met ingang van die eerste dag van die verlof geregtig is;

(ii) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (*b*) bedoel, 'n bedrag van minstens twee maal die weekloon waarop hy met ingang van die eerste dag van die verlof geregtig is:

Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie klousule die weekloon van 'n werknemer wat stukwerk verrig, bereken word op die grondslag uiteengesit in artikel 20 (5) (*a*) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941.

(8) *Female employees.*—Nothwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer shall not require or permit a female employee to work—

(*a*) between 6 o'clock p.m. and 6 o'clock a.m.;

(*b*) after 1 o'clock p.m. on more than five days a week;

(*c*) overtime for more than two hours on any day, except that an employee who works a five-day week may work up to four hours overtime on a Saturday;

(*d*) overtime on more than three consecutive days in any week;

(*e*) overtime on more than 60 days in any year;

(*f*) overtime after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless he has—

(i) before midday given notice thereof to such employee; or

(ii) provided such employee with an adequate meal and allowed her sufficient time to have it before she has to commence overtime; or

(iii) paid such employee not less than 25 sents in sufficient time to enable her to obtain and have a meal before overtime is due to commence.

(9) *Payment for overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—

(*a*) in the case of a casual employee, one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period so worked by such employee on any day;

(*b*) in the case of any other employee—

(i) one and one-third times his ordinary wage in respect of overtime not exceeding 10 hours in the aggregate worked by such employee in any week;

(ii) one and one-half times his ordinary wage in respect of overtime worked in excess of 10 hours in the aggregate by such employee in any week.

(10) *Savings.*—(*a*) The provisions of this clause shall not apply to a foreman, senior managerial or administrative employee or a technical or professional employee if and for so long as such an employee is in receipt of regular remuneration at a rate of not less than R200 per month.

(*b*) The provisions of subclauses (3), (4), (5) and (7) shall not apply to an employee while he is engaged on emergency work.

(*c*) The provisions of subclause (4) shall not apply to a first-aid officer, a driver of a motor vehicle, labourer assisting on a delivery vehicle, a part-time driver of a motor vehicle, a boiler attendant, a boiler attendant-in-charge, an employee engaged in off-loading or an employee employed directly in the production of fish meal or fish oil.

(*d*) The provisions of this clause shall not apply to a watchman whose employer grants him a day off of 24 consecutive hours in respect of every week of employment: Provided that—

(i) he makes no deduction from his watchman's wage in respect thereof;

(ii) an employer may, in lieu of granting his watchman any such day off, pay such watchman the wage which he would have received if he had not worked on such day, plus an amount of not less than double his daily wage in respect of such day not granted.

6. ANNUAL LEAVE.

(1) Subject to the provisions of subclause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, in respect of each completed period of 12 months of employment with him—

(*a*) in the case of a watchman, 21 consecutive days' leave,

(*b*) in the case of every other employee, 14 consecutive days' leave,

and shall pay such employee in respect of such leave—

(i) in the case of an employee referred to in paragraph (*a*), an amount of not less than three times the weekly wage to which he is entitled as from the first day of the leave;

(ii) in the case of an employee referred to in paragraph (*b*), an amount of not less than double the weekly wage to which he is entitled as from the first day of the leave;

Provided that for the purpose of this clause the weekly wage of any employee who is engaged on piece-work shall be calculated on the basis set out in section 20 (5) (*a*) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) Die verlof voorgeskryf in subklousule (1), moet verleen word op 'n tyd wat die werkgewer bepaal: Met dien verstande dat—

(i) as sodanige verlof nie eerder verleen is nie, dit behoudens die bepalings van subklousule (3) so verleen moet word dat dit begin binne vier maande na voltooiing van die 12 maande diens waarop dit betrekking het; of dat, as die werkgewer en sy werknemer voor die verstryking van genoemde tydperk van vier maande skriftelik daartoe ooreengekom het, die werkgewer sodanige verlof aan die werknemer moet verleen met ingang van 'n datum uiterlik twee maande na verstryking van genoemde tydperk van vier maande;

(ii) die tydperk van verlof nie met siekteverlof wat ingevolge klousule 7 verleen is of, tensy die werknemer dit versoek en die werkgewer skriftelik daartoe instem, met 'n tydperk van militêre opleiding ingevolge die Verdedigingswet, 1957 mag saamval nie;

(iii) as Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag binne die tydperk van sodanige verlof val, daar vir elke sodanige vakansiedag nog 'n werkdag by gemelde tydperk gevoeg moet word as 'n verdere tydperk van verlof en dat die werknemer vir elke sodanige dag wat bygevoeg word, 'n bedrag van minstens sy dagloon betaal moet word;

(iv) 'n werkgewer al die dae geleentheidsverlof wat op die skriftelike versoek van sy werknemer met volle betaling aan hom verleen is gedurende die tydperk van 12 maande diens waarop die verloftydperk betrekking het, van sodanige verloftydperk kan aftrek.

(3) (*a*) Op die skriftelike versoek van sy werknemer kan 'n werkgewer die verlof oor 'n tydperk van hoogstens 24 maande diens laat oploop: Met dien verstande—

(i) dat sodanige werknemer so 'n versoek doen binne vier maande na verstryking van die eerste tydperk van 12 maande diens waarop die verlof betrekking het; en

(ii) dat die werkgewer die datum van ontvangs van sodanige versoek daarop aanbring en dit onderteken en die versoek bewaar minstens tot na die verstryking van die verloftydperk.

(*b*) Die bepalings van subklousule (2) is *mutatis mutandis* van toepassing op die verlof in hierdie subklousule bedoel.

(4) Die besoldiging ten opsigte van die verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), moet uiterlik op die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van die verlof betaal word.

(5) Aan 'n werknemer wie se diens gedurende enige dienstermyn van 12 maande eindig voordat die verloftydperk voorgeskryf in subklousule (1), ten opsigte van so 'n termyn opgeloop het, moet daar by sodanige diensbeëindiging, benewens ander besoldiging wat aan hom verskuldig mag wees, vir elke voltooide maand van sodanige dienstermyn 'n bedrag betaal word van minstens—

(*a*) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (*a*) van subklousule (1) bedoel, een-vierde van die weekloon; en

(*b*) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (*b*) van subklousule (1) bedoel, een-sesde van die weekloon

wat hy onmiddellik voor die datum van sodanige diensbeëindiging ontvang het: Met dien verstande dat 'n werkgewer ten opsigte van 'n verloftydperk wat hy ingevolge die vierde voorbehoudsbepaling van subklousule (2) aan 'n werknemer verleen het, 'n eweredige bedrag kan aftrek; en voorts met dien verstande dat 'n werknemer—

(i) wat sy diens verlaat sonder om die kennis te gee en die kennisgewingstermyn uit te dien wat by klousule 12 voorgeskryf word, tensy die werkgewer van sodanige kennisgewing afgesien het of tensy die werknemer sy werkgewer betaal het in plaas daarvan om aldus kennis te gee; of

(ii) wat sy diens sonder 'n regsgeldige rede verlaat; of

(iii) wat sonder kennisgewing deur sy werkgewer ontslaan word om 'n rede wat vir sodanige ontslag sonder kennisgewing regsgeldig is,

op geen betaling uit hoofde van hierdie subklousule geregtig is nie.

(6) 'n Werknemer wat geregtig geword het op 'n tydperk van verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), en wie se diens eindig voordat sodanige verlof verleen is, moet by sodanige diensbeëindiging die bedrag betaal word wat hy ten opsigte van die verlof sou ontvang het as die verlof op die datum van diensbeëindiging aan hom verleen was.

(2) The leave prescribed in subclause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided that—

(i) if such leave has not been granted earlier, it shall, save as provided in subclause (3), be granted so as to commence within four months after the completion of the 12 months of employment to which it relates or, if the employer and employee have agreed thereto in writing before the expiration of the said period of four months, the employer shall grant such leave to the employee as from a date not later than two months after the expiration of the said period of four months.

(ii) the period of leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 7 nor, unless the employee so requests and the employer agrees, in writing, with any period of military training under the Defence Act, 1957;

(iii) if New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day falls within the period of such leave, another work day shall, for each such holiday, be added to the said period as a further period of leave and the employee shall be paid an amount of not less than his daily wage in respect of each such day added;

(iv) an employer may set off against such period of leave any days of occasional leave granted on full pay to his employee at such employee's written request during the period of 12 months of employment to which the period of leave relates.

(3) (*a*) At the written request of an employee, an employer may permit the leave to accumulate over a period of not more than 24 months of employment: Provided—

(i) that the request is made by such employee not later than four months after the expiry of the first period of 12 months of employment to which the leave relates, and

(ii) that the date of the receipt of such request is endorsed on the request over his signature by the employer, who shall retain such request until at least after the expiration of the period of leave.

(*b*) The provisions of subclause (2) shall *mutatis mutandis* apply to the leave referred to in this subclause.

(4) The remuneration in respect of the leave prescribed in subclause (1), read with subclause (3), shall be paid not later than the last work day before the date of commencement of the leave.

(5) An employee whose employment terminates during any period of 12 months of employment before the period of leave prescribed in subclause (1) in respect of that period has accrued, shall, upon such termination, and in addition to any other remuneration which may be due to him, be paid in respect of each completed month of such period of employment an amount of not less than—

(*a*) in the case of an employee referred to in paragraph (*a*) of subclause (1), one-fourth, and,

(*b*) in the case of an employee referred to in paragraph (*b*) of subclause (1), one-sixth,

of the weekly wage he was receiving immediately before the date of such termination: Provided that an employer may make a proportionate deduction in respect of any period of leave granted to an employee in terms of the fourth proviso to subclause (2) and provided further than an employee—

(i) who leaves his employment without having given and served the period of notice prescribed in clause 12, unless the employer has waived such notice or the employee has paid the employer in lieu of notice; or

(ii) who leaves his employment without cause recognised by law as sufficient; or

(iii) who is dismissed by his employer without notice for any cause recognised by law as sufficient for such dismissal without notice,

shall not be entitled to any payment by virtue of this subclause.

(6) As employee who has become entitled to a period of leave prescribed in subclause (1), read with subclause (3), and whose employment terminates before such leave has been granted, shall upon such termination be paid the amount he would have received in respect of the leave, had the leave been granted to him as at the date of the termination.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(7) By die toepassing van hierdie klousule word die uitdrukking " diens " geag ook te omvat—

(*a*) enige tydperk ten opsigte waarvan 'n werkgewer 'n werknemer ingevolge klousule 12 betaal in plaas van kennis te gee;

(*b*) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is—

(i) met verlof ingevolge hierdie klousule;
(ii) met siekteverlof ingevolge klousule 7;
(iii) op las of versoek van sy werkgewer,

en wel tot 'n totaal, in enige jaar, van hoogstens 10 weke; en

(*c*) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is vir militêre opleiding ingevolge die Verdedigingswet, 1957: Met dien verstande dat 'n werknemer nie geregtig is om meer as vier maande van een sodanige opleidingstydperk as diens te eis nie,

en word diens geag te begin

(i) in die geval van 'n werknemer wat, voor die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling, kragtens enige wet op 'n tydpek van jaarlikse verlof geregtig geword het, op die datum waarop sodanige werknemer laas kragtens sodanige wet op verlof geregtig geword het;

(ii) in die geval van 'n werknemer wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Vasstelling in diens was en op wie enige wet wat vir jaarlikse verlof voorsiening maak, van toepassing was maar wat nog nie daarkragtens op 'n tydperk van verlof geregtig geword het nie, op die aanvangsdatum van sodanige diens;

(iii) in die geval van 'n ander werknemer, op die datum waarop sodanige werknemer by sy werkgewer in diens getree het of op die datum van inwerkingrreding van hierdie Vasstelling, en wel op die jongste van die twee datums.

(8) (*a*) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, kan 'n werkgewer vir die doel van jaarlikse verlof te eniger tyd maar hoogstens een maal in 'n tydperk van 12 maande, sy bedryfsinrigting sluit vir 14 agtereenvolgende kalenderdae plus alle addisionele dae wat moontlik uit hoofde van die derde voorbehoudsbepaling van subklousule (2) daarby gevoeg moet word.

(*b*) 'n Werknemer wat op die sluitingsdatum van 'n bedryfsinrigting ingevolge paragraaf (*a*) nie op die volle tydperk van die jaarlikse verlof voorgeskryf in subklousule (1) (*b*), geregtig is nie, moet ten opsigte van verlof wat aan hom verskuldig is, deur sy werkgewer betaal word op die grondslag in subklousule (5) voorgeskryf, en vir die doel van die jaarlikse verlof daarná word sy diens geag te begin op die datum waarop die bedryfsinrigting aldus sluit.

7. SIEKTEVERLOF.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat weens ongeskiktheid van die werk afwesig is, siekteverlof verleen van—

(*a*) in die geval van 'n werknemer wat 'n werkweek van vyf dae het, altesaam minstens 10 werkdae, en

(*b*) in die geval van iedere ander werknemer, altesaam minstens 12 werkdae,

gedurende elke tydkring van 12 agtereenvolgende maande diens by hom, en moet hy sodanige werknemer ten opsigte van elke tydperk van afwesigheid ingevolge hierdie subklousule minstens die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy gedurende sodanige tydperk gewerk het: Met dien verstande dat—

(i) gedurende die eerste 12 agtereenvolgende maande diens, 'n werknemer nie op meer siekteverlof met volle betaling geregtig is nie as, in die geval van 'n werknemer met 'n werkweek van vyf dae, een werkdag ten opsigte van elke voltooide tydperk van vyf weke diens en, in die geval van elke ander werknemer, een werkdag ten opsigte van elke voltooide maand diens;

(ii) hierdie klousule nie van toepassing is nie op 'n werknemer op wie se skriftelike versoek 'n werkgewer bydraes wat minstens gelyk is aan dié wat die werknemer self bydra, betaal aan 'n fonds of organisasie wat die werknemer aanwys en wat die werknemer waarborg dat, in geval van sy ongeskiktheid in die omstandighede in hierdie klousule vermeld, altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir 10 of 12 werkdae, na gelang van die geval, in elke tydperk van 12 maande diens aan hom betaal sal word;

(iii) waar 'n werkgewer ingevolge 'n wet gelde vir hospitaal- of mediese behandeling ten opsigte van 'n werknemer moet betaal en sodanige gelde wel betaal, die bedrag wat aldus betaal is, afgetrek kan word van die bedrag wat ingevolge hierdie klousule ten opsigte van afwesigheid weens ongeskiktheid verskuldig is;

(7) For the purpose of this clause the expression " employment " shall be deemed to include—

(*a*) any period in respect of which an employer, in terms of clause 12, pays an employee in lieu of notice;

(*b*) any period during which an employee is absent—

(i) on leave in terms of this clause;
(ii) on sick leave in terms of clause 7;
(iii) on the instructions or at the request of his employer,

amount in the aggregate in any year to not more than 10 weeks; and

(*c*) any period during which an employee is absent undergoing military training in pursuance of the Defence Act, 1957: Provided that an employee shall not be entitled to claim as employment more than four months of any one period of such training,

and employment shall be deemed to commence—

(i) in the case of an employee who had before the coming into force of this Determination become entitled to a period of annual leave in terms of any law, on the date on which such employee last became entitled to such leave under such law;

(ii) in the case of an employee who was in employment before the coming into force of this Determination and to whom any law providing for annual leave applied but who had not become entitled to a period of leave in terms thereof, on the date on which such employment commenced;

(iii) in the case of any other employee, on the date on which such employee entered his employer's service or on the date of the coming into force of this Determination, whichever is the later.

(8) (*a*) Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer may for the purpose of annual leave at any time, but not more than once in any period of 12 months, close his establishment for 14 consecutive calendar days plus any additional days that may have to be added by virtue of the third proviso to subclause (2).

(*b*) An employee who at the date of the closing of an establishment in terms of paragraph (*a*) is not entitled to the full period of annual leave prescribed in subclause (1) (*b*) shall, in respect of any leave due to him, be paid by his employer on the basis set out in subclause (5), and for the purpose of annual leave thereafter his employment shall be deemed to commence on the date of such closing of the establishment.

7. SICK LEAVE.

(1) Subject to the provisions of subclause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, who is absent from work through incapacity—

(*a*) in the case of an employee who normally works a five-day week, not less than 10 work days', and

(*b*) in the case of every other employee, not less than 12 work days',

sick leave in the aggregate during any period of 12 consecutive months of employment with him, and shall pay such employee in respect of any period of absence in terms of this subclause not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided that—

(i) in the first 12 consecutive months of employment an employee shall not be entitled to sick leave on full pay at a rate of more than, in the case of an employee who works a five day week, one work day in respect of each completed period of five weeks of employment and, in the case of every other employee, one work day in respect of each completed month of employment;

(ii) this clause shall not apply to an employee at whose written request an employer makes contributions, at least equal to those made by the employee, to any fund or organisation nominated by the employee, which fund or organisation guarantees to the employee in the event of his incapacity in the circumstances set out in this clause the payment to him of not less than in the aggregate the equivalent of his wage for 10 or 12 work days, as the case may be, in each period of 12 months of employment;

(iii) where an employer is by any law required to pay fees for hospital or medical treatment in respect of an employee, and pays such fees in respect of any incapacity, the amount so paid may be set off against the payment due in respect of absence on sick leave because of such incapacity;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(iv) indien daar by 'n ander wet van 'n werkgewer vereis word om 'n werknemer sy volle loon te betaal ten opsigte van 'n tydperk van ongeskiktheid waarvoor hierdie klousule voorsiening maak, die bepalings van hierdie klousule nie van toepassing is nie.

(2) 'n Werkgewer mag, as 'n opskortende voorwaarde vir die betaling, deur hom, van 'n bedrag wat 'n werknemer kragtens hierdie klousule eis ten opsigte van enige afwesigheid van sy werk vir 'n tydperk van langer as twee agtereenvolgende dae, van die werknemer vereis om 'n sertifikaat voor te lê wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn onderteken is en wat die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid meld of, waar geen mediese praktisyn binne 'n redelike afstand van die werknemer se werkplek woonagtig is nie, vereis dat die werknemer hom deur ander billike bewys tevrede moet stel dat hy van sy werk afwesig was weens ongeskiktheid ooreenkomstig hierdie klousule: Met dien verstande dat, wanneer 'n werknemer gedurende enige tydperk van hoogstens agt agtereenvolgende weke by twee of meer geleenthede betaling ingevolge hierdie klousule ontvang het sonder om so 'n sertifikaat voor te lê, sy werkgewer gedurende die tydperk van agt agtereenvolgende weke onmiddellik na die laaste sodanige geleentheid van hom mag vereis om so 'n sertifikaat of ander billike bewys, na gelang van die geval, ten opsigte van enige afwesigheid voor te lê.

(3) By die toepassing van hierdie klousule—

(i) enige tydperk wat 'n werknemer—

(*aa*) met verlof is ingevolge klousule 6;

(*bb*) van sy werk afwesig is op las of versoek van sy werkgewer;

(*cc*) met siekteverlof is ingevolge subklousule (1),

en wat in enige jaar altesaam hoogstens 10 weke beloop, en

(ii) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is vir militêre opleiding ingevolge die Verdedigingswet, 1957: Met dien verstande dat 'n werknemer nie geregtig is om meer as vier maande van een sodanige opleidingstydperk as diens te eis nie, en word enige tydperk van diens by dieselfde werkgewer onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Vasstelling geag diens ingevolge hierdie Vasstelling te wees, en word alle siekteverlof wat met volle betaling aan so 'n werknemer gedurende sodanige tydperk verleen is, geag ingevolge hierdie Vasstelling verleen te wees;

(*b*) beteken "ongeskiktheid" onvermoë om te werk weens siekte of 'n besering, uitgesonderd siekte of besering veroorsaak deur 'n werknemer se eie wangedrag: Met dien verstande dat enige sodanige werkonvermoë wat veroorsaak is deur 'n ongeluk of 'n gelyste siekte waarvoor vergoeding betaalbaar is ingevolge die Ongevallewet, 1941, slegs as ongeskiktheid beskou word gedurende 'n tydperk ten opsigte waarvan geen ongeskiktheidsbetaling kragtens daardie Wet betaalbaar is nie.

8. OPENBARE VAKANSIEDAE EN SONDAE.

(1) Behoudens die bepalings van klousules 4 (6) en 6 (2), moet 'n werkgewer aan 'n werknemer wat nie op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag werk nie, minstens sy weekloon betaal vir die week waarin so 'n dag val.

(2) Wanneer 'n werknemer op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag werk, moet sy werkgewer hom, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), vir die week waarin so 'n dag val, minstens sy weekloon betaal, plus sy uurloon vir elke uur of deel van 'n uur wat die werknemer altesaam op so 'n dag gewerk het: Met dien verstande dat waar daar van 'n werknemer vereis word of hy toegelaat word om minder as vier uur op so 'n dag te werk, hy geag word vier uur te gewerk het.

(3) Wanneer 'n werknemer op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer òf—

(*a*) die werknemer—

(i) indien hy aldus vir 'n tydperk van hoogstens vier uur werk, minstens sy dagloon betaal,

(ii) indien hy aldus vir 'n tydperk van meer as vier uur werk, teen minstens dubbel sy gewone loon ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige Sondag werk of minstens dubbel sy dagloon betaal, en wel die bedrag wat die grootste is, òf

(*b*) hom teen minstens een en 'n derde maal sy gewone loon betaal ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige Sondag werk en hom binne sewe dae vanaf sodanige Sondag een dag verlof verleen en hom ten opsigte daarvan minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat, waar daar van sodanige werknemer vereis of hy toegelaat word om minder as vier uur op sodanige Sondag te werk, hy geag moet word vier uur te gewerk het.

(iv) the provisions of this clause shall not apply in respect of any period of incapacity of an employee in respect of which the employer is required by any other law to pay to the employee not less than his full wages.

(2) An employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this clause by an employee in respect of any absence from work for a period covering more than two consecutive days, require the employee to produce a certificate signed by a registered medical practitioner stating the nature and duration of the employee's incapacity or where no medical practitioner is resident within reasonable distance of the place of employment of such employee, the employer may require the employee to satisfy him by other reasonable evidence that his absence from work was due to incapacity in terms of this clause: Provided that when an employee has during any period of up to eight weeks received payment in terms of this clause on two or more occasions without producing such a certificate his employer may during the period of eight weeks immediately succeeding the last such occasion require him to produce such a certificate or other reasonable evidence, as the case may be, in respect of any absence.

(3) For the purpose of this clause the expression—

(*a*) "employment" includes—

(i) any period during which an employee—

(*aa*) is on leave in terms of clause 6;

(*bb*) is absent from work on the instructions or at the request of his employer,

(*cc*) is on sick leave in terms of subclause (1),

amounting in the aggregate, in any year, to not more than 10 weeks, and

(ii) any period during which an employee is undergoing military training in pursuance of the Defence Act, 1957: Provided that an employee shall not be entitled to claim as employment more than four months of any one period of such training,

and any period of employment which an employee has had with the same employer immediately before the date of the coming into force of this Determination shall for the purpose of this clause be deemed to be employment under this Determination, and any sick leave on full pay granted to such an employee during such period shall be deemed to have been granted under this Determination;

(*b*) "incapacity" means inability to work owing to any sickness or injury other than sickness or injury caused by an employee's own misconduct: Provided that any such inability to work, caused by an accident or a scheduled disease for which compensation is payable under the Workmen's Compensation Act, 1941, shall only be regarded as incapacity during any period in respect of which no disablement payment is payable in terms of that Act.

8. PUBLIC HOLIDAYS AND SUNDAYS.

(1) Subject to the provisions of clauses 4 (6) and 6 (2), if an employee does not work on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage.

(2) Whenever an employee works on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day his employer shall, save as provided in clause 4 (6), pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage, plus his hourly wage for each hour or part of an hour worked by the employee in the aggregate on such day: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such day, he shall be deemed to have worked for four hours.

(3) Whenever an employee works on a Sunday, his employer shall either—

(*a*) pay the employee—

(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than his daily wage;

(ii) if he so works for a period exceeding four hours, at a rate of not less than double his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such Sunday, or not less than double his daily wage, whichever is the greater; or

(*b*) pay him at a rate of not less than one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such Sunday, and grant him within seven days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof not less than his daily wage: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday he shall be deemed to have worked for four hours.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(4) Hierdie klousule is nie van toepassing nie—

(*a*) op 'n voorman of 'n senior bestuurs- of administratiewe werknemer of 'n tegniese of professionele werknemer indien en solank so 'n werkgewer gereeld 'n loon teen minstens R200 per maand ontvang;

(*b*) op 'n los werknemer of 'n wag.

9. STUKWERK.

(1) 'n Werkgewer mag nadat hy minstens een week vooraf kennis aan sy werknemer gegee het, 'n stukwerkstelsel invoer en, sodanige werkgewer moet, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), sy werknemer wat volgens sodanige stukwerkstelsel werk, teen die besoldiging betaal wat ooreenkomstig sodanige stelsel van toepassing is: Met dien verstande dat die werkgewer, ongeag die hoeveelheid werk wat verrig is, die werknemer moet betaal—

(*a*) in die geval van 'n ander werknemer as 'n los werknemer, vir elke week waarin stukwerk verrig word, minstens die bedrag wat hy so 'n werknemer vir daardie week sou moet betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het;

(*b*) in die geval van 'n los werknemer, vir elke dag waarop stukwerk verrig word, minstens die bedrag wat hy so 'n werknemer vir daardie dag sou moet betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het.

(2) 'n Werkgewer moet 'n lys van die besoldiging bedoel in subklousule (1), op 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting opgeplak hou.

(3) 'n Werkgewer wat voornemens is om 'n bestaande stukwerkstelsel of die besoldiging wat daarvolgens van toepassing is, af te skaf of te wysig, moet aan sy werknemers wat volgens sodanige stelsel werk, minstens twee weke kennis van sodanige voorneme gee: Met dien verstande dat 'n werkgewer en sy werknemer oor 'n langer kennisgewingstermyn ooreen kan kom, en in so 'n geval mag die werkgewer nie vir 'n korter termyn as dié waaroor daar ooreengekom is, kennis gee nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, hoef 'n werkgewer nie 'n los werknemer kennis te gee van sy voorneme om 'n stukwerkstelsel in te voer of af te skaf of te wysig nie.

10. VERBOD OP INDIENSNEMING.

'n Werkgewer mag niemand onder die leeftyd van 15 jaar in diens neem nie.

11. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE.

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere wat hy van sy werknemer vereis om te dra of wat hy ingevolge enige wet verplig is om aan sy werknemer te verskaf, gratis verskaf en in 'n bruikbare en sindelike toestand hou; en alle sodanige uniforms, oorpakke, rubberstewels was of te was en te stryk en in so 'n geval moet die werkgewer Met dien verstande dat 'n werkgewer van 'n werknemer kan vereis om sodanige uniform, oorpak of beskermende klere te was of te was en te stryk en in so 'n geval moet die werkgewer so 'n werknemer 'n toelae van minstens 15 sent per week betaal.

12. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK.

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(*a*) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag,

(*b*) na die eerste vier weke diens, minstens een week,

vooraf kennis van die beëindiging van die kontrak gee of 'n werkgewer of 'n werknemer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur, in plaas van sodanige kennisgewing, aan die werknemer of die werkgewer, na gelang van die geval, te betaal—

(i) in die geval van een werkdag kennisgewing, minstens die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van een week kennisgewing, minstens die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat—

(i) die reg van 'n werkgewer of sy werknemer om die kontrak op 'n regsgeldige grond sonder kennisgewing te beëindig;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer waarin voorsiening gemaak word vir 'n kennisgewingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(4) The provisions of this clause shall not apply—

(*a*) to a senior managerial or administrative employee or a technical or professional employee if and for so long as such employee is in receipt of a regular wage at a rate of not less than R200 per month;

(*b*) to a casual employee or a watchman.

9. PIECE-WORK.

(1) An employer may, after at least one week's notice to his employee, introduce any piece-work system and, save as provided in clause 4 (6), such employer shall pay his employee, who is employed on such piece-work system, remuneration at the rates applicable under such system: Provided that, irrespective of the quantity of work done, the employer shall pay such employee not less than—

(*a*) in the case of an employee, other than a casual employee, in respect of each week in which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that week had he been remunerated on the basis of time worked;

(*b*) in the case of a casual employee, in respect of each day on which piece-work is performed the amount which he would have been required to pay such employee for that day had he been remunerated on the basis of time worked.

(2) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment a schedule of the rates referred to in subclause (1).

(3) An employer who intends to cancel or amend any piece-work system in operation or the rates applicable thereunder shall give his employee employed on such system not less than two week's notice of such intention: Provided that an employer and his employee may agree on a longer period of notice, in which case the employer shall give notice for a period not shorter than that agreed upon.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this clause, an employer need not give a casual employee notice of his intention to introduce any piece-work system or to cancel or amend it.

10. PROHIBITION OF EMPLOYMENT.

An employer shall not employ any person under the age of 15 years.

11. UNIFORMS, OVERALLS AND PROTECTIVE CLOTHING.

Any employer shall supply and maintain in serviceable and clean condition, free of charge, any uniform, overall, gumboots or other protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law he is compelled to provide for his employee and any such uniform, overall, gumboots or other protective clothing shall remain the property of the employer: Provided that an employer may require an employee to wash or wash and iron any such uniform, overall or protective clothing in which event the employer shall pay such employee an allowance of not less than 15 cents every week.

12. TERMINATION OF CONTRACT OF EMPLOYMENT.

(1) An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(*a*) during the first four weeks of employment, not less than one work day's,

(*b*) after the first four weeks of employment, not less than one week's,

notice of termination of contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than—

(i) in the case of one work day's notice, the daily wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(ii) in the case of a week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or his employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(iii) die werking van 'n verbeuring of boete wat regtens van toepassing mag wees op 'n werknemer wat dros;

nie hierdeur geraak word nie: Met dien verstande voorts dat, indien die loon van 'n werknemer op die datum van die beëindiging verminder is deur aftrekkings ten opsigte van korttyd en die werkgewer hom betaal in plaas van kennis te gee, die uitdrukking "ten tyde van sodanige beëindiging ontvang" geag word te beteken "ten tyde van sodanige beëindiging sou ontvang het as geen bedrag weens korttyd afgetrek was nie".

(2) Indien daar 'n ooreenkoms ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) bestaan, moet die betaling in plaas van kennisgewing eweredig wees aan die kennisgewingstermyn waaroor daar ooreengekom is.

(3) Die kennisgewing in subklousule (1) voorgeskryf, mag op enige werkdag geskied: Met dien verstande dat—

(i) die kennisgewingstermyn nie mag saamval nie met, en die kennisgewing nie mag geskied nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met verlof ingevolge klousule 6 of enige tydperk van militêre opleiding wat 'n werknemer ingevolge die Verdedigingswet, 1957, ondergaan;

(ii) daar nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof ooreenkomstig klousule 7 kennis gegee mag word nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling mag 'n werkgewer, in die geval waarin 'n werknemer sy dienskontrak beëindig deur sy diens te verlaat sonder om kennis te gee en sonder om die kennisgewingstermyn uit te dien of sonder om sy werkgewer te betaal in plaas van kennis te gee, uit enige geld wat hy sodanige werknemer uit hoofde van enige bepaling van hierdie Vasstelling skuld, aan homself 'n bedrag toeëien van hoogstens dié wat sodanige werknemer hom sou moes betaal het in plaas van kennis te gee.

13. DIENSSERTIFIKAAT.

Behalwe waar 'n werknemer se dienskontrak op grond van diensverlating beëindig word of waar die werknemer 'n los werknemer is, moet die werkgewer by beëindiging van enige dienskontrak die werknemer van 'n dienssertifikaat voorsien wat wesenlik die vorm het soos in die Bylae van hierdie Vasstelling voorgeskryf en wat die volle name van die werkgewer en die werknemer, die beroep van die werknemer, die aanvangsdatum en die datum van beëindiging van die kontrak en die weekloon van die werknemer op die datum van sodanige beëindiging vermeld.

BYLAE.

Ek/Ons (*a*).....
wat die Visverwerkingsnywerheid beoefen te.....
verklaar hierby dat .....
in my/ons (*a*) diens was van die.....
dag van .....19..... tot die dag van .....
.....19..... in die hoedanigheid van
(*b*)..... By diensbeëindiging was
sy/haar loon.....rand .....sent
per week/maand (*a*).

.....
(Handtekening van werkgewer
of gemagtigde verteenwoordiger).

Datum .....

(*a*) Skrap wat nie van toepassing is nie.
(*b*) Meld die beroep waarin die werknemer uitsluitlik of hoofsaaklik in diens was, bv., klerk, arbeider.

H. W. TINDALE, *Voorsitter.*
P. R. VIVIERS, *Lid.*
I. J. DE VILLIERS, *Addisionele Lid.*
W. H. HECHTER, *Sekretaris.*

Pretoria, 20 Junie 1968.

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts:

Provided further that where the wage of an employee at the date of termination has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, when an employer pays an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination if no deductions had been made in respect of short-time".

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to subclause (1), the payment in lieu of notice shall be commensurate with the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in subclause (1) may be given on any work day: Provided that—

(i) the period of notice shall not run concurrently with nor shall notice be given during an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training which an employee is undergoing in pursuance of the Defence Act, 1957;

(ii) notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this Determination, where an employee terminates his contract of employment by leaving his employment without having given and served the required period of notice or without paying his employer in lieu of notice, his employer may appropriate to himself, from any moneys which he owes to such employee by virtue of any provisions of this Determination, an amount of not more than that which such employee would have had to pay him in lieu of notice.

13. CERTIFICATE OF SERVICE.

Except where a contract of employment of an employee is terminated on the ground of desertion or where the employee is a casual employee, the employer shall upon termination of any contract of employment furnish the employee with a certificate of service substantially in the form prescribed in the Schedule to this Determination, showing the full names of the employer and of the employee, the occupation of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the weekly wage of the employee on the date of such termination.

SCHEDULE.

I/We (*a*) .....
..... carrying on trade in the Fish Processing Industry at .....
hereby certify that ..... was.....
employed by me/us (*a*) from the ..... day of
.....19....., to the .....day
of .....19..... in the occupation of (*b*).....
..... At the termination of employment
his/her (*a*) wage was .....rand .....cents
per week.

.....
(Signature of Employer or
Authorised Representative.)

Date .....

(*a*) Delete whichever inapplicable.
(*b*) State occupation in which employee was wholly or mainly engaged e.g., clerk, labourer.

H. W. TINDALE, *Chairman.*
P. R. VIVIERS, *Member.*
I. J. DE VILLIERS, *Additional Member.*
W. H. HECHTER, *Secretary.*

Pretoria, 20 June 1968.

No. 1377. 9 Augustus 1968.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE SEKRETARIS VAN ARBEID.

Vir algemene inligting word bekendgemaak dat mnr. Cornelis Frederik Vosloo vanaf 5 Augustus 1968 aangestel is as Waarnemende Sekretaris van Arbeid vir die duur van die afwesigheid met vakansieverlof van die Sekretaris van Arbeid, mnr. Daniel Johannes Geyser.

No. 1377. 9 August 1968.

APPOINTMENT OF ACTING SECRETARY FOR LABOUR.

It is hereby notified for general information that Mr Cornelis Frederik Vosloo has been appointed Acting Secretary for Labour with effect from the 5th August 1968, for the duration of the absence on vacation leave of the Secretary for Labour, Mr Daniel Johannes Geyser.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 1390. 9 Augustus 1968.

BEPALING EN AFSONDERING VAN 'N DORP GELEË OP DIE PLAAS NYAMASAAN, DISTRIK NELSPRUIT, PROVINSIE TRANSVAAL, EN VASSTELLING VAN HUURGELDE EN VORDERING WAT DEUR DIE INWONERS DAARVAN BETAAL MOET WORD.

Ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-administrasies en -ontwikkeling, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by regulasie (4) (1) van Hoofstuk 1 en regulasie 46 (1), (2) en (3) van Hoofstuk 2 van die regulasies afgekondig by Proklamasie No. R. 293 van 1962, bepaal en sonder hierby af die grondgebied beskryf in die Bylae hiervan as 'n dorp vir die okkupasie, bewoning en onder redelike behoeftes van Bantoes en skryf hierby voor die huurgelde, verkoopprys en aflossing van persele en die gelde ten opsigte van huur en vorderings vir beligtings-, water-, sanitêre, gesondheids-, mediese en ander dienste in ooreenstemming met dié gespesifiseer in respektiewelik Bylaes A, B en C van Goewermentskennisgewing No. 1437 van 24 September 1965, soos van tyd tot tyd gewysig.

M. C. BOTHA,
Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

BYLAE.

'n Sekere stuk grond, groot 409·4109 morg, geleë op die plaas Nyamasaan 137 JU, distrik Nelspruit, soos aan gedui op 'n kaart wat deur die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling onder B.A. 5/1968 goedgekeur is en in sy kantoor bewaar word.

(Lêer No. T.60/4/1779/2.)

No. 1391. 9 Augustus 1968.

MUNISIPALITEIT REIVILO.

OMSKRYWING VAN BANTOETEHUIS.

Namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling omskryf ek, Barzillai Coetzee, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys, ingevolge die bepalings van artikel 2 (1) *bis* van die Bantoe (Stadsgebied) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), hierby, soos in die Bylae hiervan uiteengesit, die grond, geleë in die Bantoewoongebied omskryf in Goewermentskennisgewing No. 545 van 21 April 1967, wat ingevolge die bepalings van artikel 2 (1) (*c*) van genoemde Wet as Bantoetehuis afgesonder en bepaal is.

B. COETZEE,
Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ondrewys.

BYLAE.

Erf 1, groot 3·1540 acres, geleë binne die Reivilo-bantoewoongebied. (Lêer No. A.19/1568.)

No. 1392. 9 Augustus 1968.

OOREENKOMS TUSSEN DIE TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE EN DIE DORPSRADE VAN KINROSS EN TRICHARDT.

Hierby word kragtens artikel 40 (5) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), vir algemene inligting bekendgemaak dat die

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 1390. 9 August 1968.

DEFINING AND SETTING APART OF A TOWNSHIP SITUATE ON THE FARM NYAMASAAN, DISTRICT OF NELSPRUIT, PROVINCE OF THE TRANSVAAL, AND FIXING OF RENTALS AND CHARGES TO BE PAID BY THE RESIDENTS THEREOF.

Under the powers vested in me by regulation 4 (1) of Chapter 1 and regulation 46 (1), (2) and (3) of Chapter 2 of the regulations published under Proclamation No. R. 293 of 1962, I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Administration and Development, hereby define and set apart the area of land described in the Schedule hereto as a township for the occupation, residence and other reasonable requirements of Bantu and hereby prescribe the rentals, selling prices and redemption of sites and the fees in respect of rent and charges for lighting, water, sanitary, health, medical and other services in accordance with those specified in Schedules A, B and C, respectively, to Government Notice No. 1437, dated 24th September 1965, as amended from time to time.

M. C. BOTHA,
Minister of Bantu Administration and Development.

SCHEDULE.

A certain piece of land, in extent 409·4109 morgen, situate on the farm Nyamasaan 137 JU, District of Nelspruit, as shown on a diagram approved by the Secretary for Bantu Administration and Development under B.A. 5/1968 and which is kept in his office.

(File No. T.60/4/1779/2.)

No. 1391. 9 August 1968.

MUNICIPALITY OF REIVILO.

DESCRIPTION OF BANTU HOSTEL.

On behalf of the Minister of Bantu Administration and Development, I, Barzillai Coetzee, Deputy Minister of Bantu Administration and Education, in terms of the provisions of section 2 (1) *bis* of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), hereby describe, as set forth in the Schedule hereto, the land situate within the Bantu residential area described in Government Notice No. 545, dated 21 April 1967, which has been defined and set apart as a Bantu hostel under section 2 (1) (*c*) of the said Act.

B. COETZEE,
Deputy Minister of Bantu Administration and Education.

SCHEDULE.

Erf 1, 3·1540 acres in extent, and situate within the Reivilo Bantu Residential Area. (File No. A.19/1568.)

No. 1392. 9 August 1968.

AGREEMENT BETWEEN THE TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS AND THE VILLAGE COUNCILS OF KINROSS AND TRICHARDT.

Notice is hereby given for general information, in terms of section 40 (5) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), that the Minister of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens artikel 40 (1) van genoemde Wet goedkeuring verleen het aan 'n ooreenkoms aangegaan deur en tussen die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede en die Dorpsrade van Kinross en Trichardt, wat onderteken is namens die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede op 25 Maart 1968 en namens die Dorpsraad van Kinross op 7 Maart 1968 en namens die Dorpsraad van Trichardt op 30 November 1967, waarby die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede onderneem om daardie Bantoes werksaam in die onderskeie regsgebiede van die Dorpsrade van Kinross en Trichardt te huisves in die Driefonteinstreeksbantoewoongebied, soos bepaal en afgesonder by Goewermentskennisgewing No. 717 van 15 Mei 1964 en geleë binne die landdrosdistrik Bethal.

(Lêer No. A.1/1332.)

Bantu Administration and Development has, in terms of section 40 (1) of the said Act, approved an agreement entered into by and between the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas and the Village Councils of Kinross and Trichardt, which was signed on behalf of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas on 25 March 1968 and on behalf of the Village Council of Kinross on 7 March 1968 and on behalf of the Village Council of Trichardt on 30 November, 1967, whereby the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas undertakes to accommodate those Bantu working in the respective areas of jurisdiction of the Village Councils of Kinross and Trichardt in the Driefontein regional Bantu residential area, as defined and set apart by Government Notice No. 717, dated 15 May 1964 and situate within the Magisterial District of Bethal.

(File No. A.1/332.)

DEPARTEMENT VAN BEPLANNING.

No. 1378. 9 Augustus 1968.

VRYSTELLING INGEVOLGE ARTIKEL 7 VAN DIE WET OP FISIESE BEPLANNING EN BENUTTING VAN HULPBRONNE, 1967.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 7 van die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967 (Wet No. 88 van 1967), stel ek, Carel de Wet, Minister van Beplanning, alle grond geleë binne die beheerde gebiede, vermeld in die Bylae hiervan, vry van die bepalings van artikel 6 (1) (*c*) van genoemde Wet, vir sover daardie bepalings die Elektrisiteitvoorsieningskommissie verbied om sodanige grond of enige gedeelte daarvan vir doeleindes van kragdrade, kabels en pyplyne te gebruik.

Geteken te Pretoria op hede die Dertigste dag van Julie 1968.

C. DE WET,
Minister van Beplanning.

BYLAE.

Beheerde Gebied 5, soos omskryf in die Bylae van Proklamasie No. 76 van 3 April 1964.

Beheerde Gebied 6, soos omskryf in die Bylae van Proklamasie No. 77 van 3 April 1964.

Beheerde Gebied 7, soos omskryf in die Bylae van Proklamasie No. 263 van 16 Oktober 1964.

Beheerde Gebied 8, soos omskryf in die Bylae van Proklamasie No. 337 van 11 Desember 1964.

Beheerde Gebied 9, soos omskryf in die Bylae van Proklamasie No. 119 van 4 Junie 1965.

Beheerde Gebied 10, soos omskryf in die Bylae van Proklamasie No. 176 van 4 Augustus 1967.

Beheerde Gebied 11, soos omskryf in die Bylae van Proklamasie No. 175 van 4 Augustus 1967.

Beheerde Gebied 12, soos omskryf in die Bylae van Proklamasie No. 177 van 4 Augustus 1967.

DEPARTMENT OF PLANNING.

No. 1378. 9 August 1968.

EXEMPTION IN TERMS OF SECTION 7 OF THE PHYSICAL PLANNING AND UTILIZATION OF RESOURCES ACT, 1967.

By virtue of the powers vested in me by section 7 of the Physical Planning and Utilization of Resources Act, 1967 (Act No. 88 of 1967), I, Carel de Wet, Minister of Planning, hereby exempt all land situated within the controlled areas mentioned in the Schedule hereto from the provisions of section 6 (1) (*c*) of the said Act in so far as those provisions prohibit the Electricity Supply Commission to use such land or any portion thereof for the purpose of power lines, cables and pipe lines.

Signed at Pretoria on this Thirtieth day of July, 1968.

C. DE WET,
Minister of Planning.

SCHEDULE.

Controlled Area 5, as defined in the Schedule to Proclamation No. 76, dated 3 April 1964.

Controlled Area 6, as defined in the Schedule to Proclamation No. 77, dated 3 April 1964.

Controlled Area 7, as defined in the Schedule to Proclamation No. 263, dated 16 October 1964.

Controlled Area 8, as defined in the Schedule to Proclamation No. 337, dated 11 December 1964.

Controlled Area 9, as defined in the Schedule to Proclamation No. 119, dated 4 June 1965.

Controlled Area 10, as defined in the Schedule to Proclamation No. 176, dated 4 August 1967.

Controlled Area 11, as defined in the Schedule to Proclamation No. 175, dated 4 August 1967.

Controlled Area 12, as defined in the Schedule to Proclamation No. 177, dated 4 August 1967.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 1371. 9 Augustus 1968.

DOEANEWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS No. B.73.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (*a*) van artikel *eenhonderd en dertien* van die Doeanewet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), beslis dat onderstaande goedere aanstootlik is:—

Publikasie/Publication.	*Deur/By.*
1. *Abenteuer in Spanien*	Stephen Marlowe.
2. *Comeback eines Mörders*	Mickey Spillane.
3. *Das nackte Mädchen*	Jonathan Craig.
4. *Der letzte Myrtenkranz*	Richard Deming.
5. *Frauenkaserne*	Tereska Torres.
6. *Girl called Jules, A*	Milena Milani.

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 1371. 9 August 1968.

CUSTOMS ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST No. B.73.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (*a*) of section *one hundred and thirteen* of the Customs Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are objectionable:—

Publikasie/Publication.	*Deur/By.*
7. *International Playmen*, Vol. 1, No. 1, June 1968	—
8. *Munich Involvement, The*	Frederic Mullally.
9. *Official Detective Stories*, Vol. 37, No. 8, August 1968	—
10. *Praline*, No. 23, 4 June 1968	—
11. *Rhapsodie in Blei*	Mickey Spillane.
12. *Until Temptation do Us Part*	Carter Brown.

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

No. 1372. 9 Augustus 1968.

DOEANEWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE.—LYS No. C.55.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (*b*) van artikel *eenhonderd en dertien* van die Doeanewet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), beslis dat onderstaande goedere aanstootlik is:—

No. 1372. 9 August 1968.

CUSTOMS ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST No. C.55.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (*b*) of section *one hundred and thirteen* of the Customs Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are objectionable:—

1. *People of Vietnam will triumph!, The* (The U.S. Aggressors Will be Defeated!) No. III, en alle daaropvolgende uitgawes/*and all ensuing editions.*

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

9-16

No. 1373. 9 Augustus 1968.

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—LYS No. A.78.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt* van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet No. 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:—

No. 1373. 9 August 1968.

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—LIST No. A.78.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by section *eight* of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act No. 26 of 1963), declared the undermentioned publications and/or objects to be undesirable:—

Publikasie/Publication.	*Deur/By.*
1. *Married Men make the best Lovers*	Ruth Dickson.

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1383. 9 Augustus 1968.

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident, ingevolge die reëls afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2004 van 27 Desember 1963, goedgekeur het dat die volgende Suid-Afrikaanse burger die vreemde eerbewys, teenoor haar naam aangedui, aanvaar en die onderskeidingsteken daarvan by gepaste geleenthede dra:—

Kathleen Elaine Collett: „Presidential Order of Meritorious Service." (Botswana.)

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1383. 9 August 1968.

It is hereby notified that the State President, in terms of the rules published under Government Notice No. 2004 of the 27th December 1963, approved of the following South African citizen accepting the foreign award of honour indicated opposite her name and of her wearing the insignia thereof on suitable occasions:—

Kathleen Elaine Collett: "Presidential Order of Meritorious Service." (Botswana.)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 1384. 9 Augustus 1968.

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident, ingevolge die reëls afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2004 van 27 Desember 1963, goedgekeur het dat die volgende Suid-Afrikaanse burger die vreemde eerbewys, teenoor sy naam aangedui, aanvaar:—

Simon Peter Kalane: „Presidential Certificate of Honour." (Botswana.)

No. 1384. 9 August 1968.

It is hereby notified that the State President, in terms of the rules published under Government Notice No. 2004 of the 27th December 1963, approved of the following South African citizen accepting the foreign award of honour indicated opposite his name:—

Simon Peter Kalane: "Presidential Certificate of Honour." (Botswana.)

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 1380. 9 Augustus 1968.

STAATSTENDERRAAD.

Kragtens die bepalings van Staatstenderraadregulasies, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 99 van 19 Januarie 1968, het die Minister van Finansies ondergenoemde aanstelling in die Staatstenderraad gemaak:—

As Verteenwoordiger van die Sentrale Regering.

Brigadier Jacob du Plooy in die plek van generaalmajoor Pieter Hermanus Steyn Henning as lid met ingang van 1 Julie 1968 en vir 'n tydperk eindigende 30 Junie 1970.

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 1380. 9 August 1968.

STATE TENDER BOARD.

In terms of the provisions of the State Tender Board Regulations, published under Government Notice No. R. 99 of the 19th January 1968, the Minister of Finance has made the undermentioned appointment to the State Tender Board:—

As Representative of the Central Government.

Brigadier Jacob du Plooy in the place of Major-general Pieter Hermanus Steyn Henning as member with effect from the 1st July 1968 and for a period ending the 30th June 1970.

No. 1381. 9 Augustus 1968.

OPENBARE REKENMEESTERS- EN OUDITEURSRAAD.

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, maak hierby ingevolge artikel 21 (3) van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), bekend dat die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad, met my goedkeuring en kragtens die bevoegdheid aan hom verleen by artikel 21 (1) en (2) van vermelde Wet, die gelde voorgeskryf deur vermelde Raad en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1924 van 13 Desember 1963, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No. 360 van 13 Maart 1964 en No. R. 2009 van 15 Desember 1966, gewysig het soos hieronder uiteengesit:—

(*a*) Deur teenoor item (*b*) (i) die uitdrukking „R25.00" deur die uitdrukking „R30.00" te vervang; en

(*b*) deur in die paragraaf wat onmiddellik op die tarief van gelde volg, die uitdrukkings „R18" en „R9" onderskeidelik deur die uitdrukkings „R23" en „R11.50" te vervang.

Hierdie kennisgewing tree op 1 Januarie 1969 in werking.

No. 1381. 9 August 1968.

PUBLIC ACCOUNTANTS' AND AUDITORS' BOARD.

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, do hereby, in terms of section 21 (3) of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), make known that the Public Accountants' and Auditors' Board, with my approval and by virtue of the powers vested in it by section 21 (1) and (2) of the said Act, has amended the fees prescribed by the said Board and promulgated by Government Notice No. 1924 of the 13th December 1963, as amended by Government Notices No. 360 of the 13th March 1964 and No. R. 2009 of the 15th December 1966, as set out below:—

(*a*) By the substitution of the expression „R30.00" for the expression „R25.00" opposite item (*b*) (i); and

(*b*) by the substitution of the expressions „R23" and „R11.50" for the expressions „R18" and „R9" respectively in the paragraph immediately following the tariff of fees.

This notice takes effect on the 1st January 1969.

No. 1385. 9 Augustus 1968.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 15 Augustus 1968 tot en met 15 September 1968 gesluit sal wees en dat die rente betaalbaar op 15 September 1968 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word.

Plaaslike Geregistreerde 2⅞-persenteffekte, 1964-69.

No. 1385. 9 August 1968.

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned Local Registered Stocks will be closed from 15 August 1968 to 15 September 1968, both days inclusive and that the interest due on the 15th September 1968, will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the transfer books.

2⅞ Per Cent Local Registered Stock, 1964-69.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU.

No. 1355. 9 Augustus 1968.

WET OP HUURGELDE, 1950.—INTREKKING VAN KENNISGEWING WAARDEUR 'N HUURRAAD ONTBIND IS VIR SOVER DIT SY REGSBEVOEGDHEID OOR BESIGHEIDSPERSELE BETREF.

Kragtens artikel 4 (2) (*b*) van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), trek die Minister van Gemeenskapsbou hierby paragraaf (*c*) van Goewermentskennisgewing No. 573 van 11 April 1968, waarby die Johannesburg Oostelike Huurraad ontbind is vir sover dit sy regsbevoegdheid oor besigheidspersele betref, in, maar slegs ten opsigte van die besigheidspersele in die gebou op Erf 76, geleë aan Webberweg, Lambton, Germiston, in die distrik Germiston.

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT.

No. 1355. 9 August 1968.

RENTS ACT, 1950.—WITHDRAWAL OF NOTICE BY WHICH A RENT BOARD HAS BEEN DISSOLVED IN SO FAR AS ITS JURISDICTION OVER BUSINESS PREMISES IS CONCERNED.

By virtue of section 4 (2) (*b*) of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), the Minister of Community Development hereby withdraws paragraph (*c*) of Government Notice No. 573 of 11 April 1968, whereby the Johannesburg Eastern Rent Board was dissolved in so far as its jurisdiction over business premises is concerned, but only in respect of the business premises in the building on Erf 76, situate in Webber Road, Lambton, Germiston, in the District of Germiston.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

No. 1351. 9 Augustus 1968.

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, No. 13 VAN 1929.—WYSIGING VAN DIE REGULASIES: BEWERKTE VLEIS EN VIS.

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikels 42 en 43 van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929 (Wet No. 13 van 1929), en na behoorlike voldoening aan die vereistes van artikel 42 (3) van genoemde Wet (kyk Goewermentskennisgewing No. 524 van 5 April 1968), met ingang van die datum van publikasie hiervan, die regulasies wat kragtens artikel 42 van genoemde Wet opgestel en by Goewermentskennisgewing No. 575 van 28 Maart 1930, soos van tyd tot tyd gewysig, gepubliseer is, soos volg gewysig:—

(*a*) Deur die byvoeging na regulasie 14 (3) van die volgende:—

„(*b*) (i) Vleisprodukte, uitgesonderd ingelegde vleisprodukte, wat onder vakuum verpak is, moet doeltreffend verseël wees en moet 'n opskrif met die woorde „Hou verkoel" in drukletter E dra.

(ii) Visprodukte, uitgesonderd ingelegde visprodukte wat onder vakuum verpak is, moet doeltreffend verseël wees en moet 'n opskrif met die woorde „Hou bevrore" in drukletter E dra".

(*b*) Deur regulasie 14 (3) te hernommer sodat dit 14 (3) (*a*) lui.

DEPARTMENT OF HEALTH.

No. 1351. 9 August 1968.

FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, No. 13 OF 1929.—AMENDMENT OF THE REGULATIONS: PROCESSED MEAT AND FISH.

The Minister of Health, in terms of sections 42 and 43 of the Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929 (Act No. 13 of 1929), and after due compliance with the requirements of section 42 (3) of the said Act (*vide* Government Notice No. 524, dated 5 April 1968), as amended, with effect from the date of publication hereof, the regulations made under section 42 of the said Act and published under Government Notice No. 575, dated 28 March 1930, as amended from time to time, as follows:—

(*a*) By the addition after regulation 14 (3) of the following:—

"(*b*) (i) Meat products, other than canned meat products, which have been vacuum-packed, shall be effectively sealed and shall bear a label with the words 'Keep refrigerated' in type E.

(ii) Fish products, other than canned fish products, which have been vacuum-packed, shall be effectively sealed and shall bear a label with the words 'Keep frozen' in type E."

(*b*) By renumbering regulation 14 (3) to read 14 (3) (*a*).

No. 1356. 9 Augustus 1968.

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, No. 13 VAN 1929.—TOEPASSING DEUR PLAASLIKE OWERHEDE, THABAZIMBI.

Die Minister van Gesondheid wysig hierby kragtens artikel 43 (2) van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929 (Wet No. 13 van 1929), en op versoek van die Munisipaliteit van Thabazimbi kragtens artikel 2 (3) van genoemde Wet, Goewermentskennisgewing No. 666 van 11 April 1930 deur onderstaande by die lys van plaaslike owerhede wat by genoemde kennisgewing gepubliseer is, te voeg:—

Naam van plaaslike owerheid.—Munisipaliteit van Thabazimbi.
Getal monsters.—12.

No. 1356. 9 August 1968.

FOODS, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, No. 13 OF 1929.—ENFORCEMENT BY LOCAL AUTHORITIES, THABAZIMBI.

The Minister of Health, in terms of section 43 (2) of the Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929 (Act No. 13 of 1929), and at the request of the Thabazimbi Municipality under section 2 (3) of the said Act, hereby amends Government Notice No. 666, dated 11 April 1930, by the addition of the following to the list of local authorities published thereunder:—

Name of local authority.—Thabazimbi Municipality.
No. of samples.—12.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. 1369. 9 Augustus 1968.

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 9 (3) VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 9 (3) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), verbied ek, Petrus Cornelius Pelser, Minister van Justisie, hierby vir 'n tydperk met ingang van 12 Augustus 1968 en eindigende op 11 Augustus 1970 die samekoms in die gebied wat as die Parade, Kaapstad, bekend staan en in die Bylae hiervan omskryf—

(1) van enige byeenkoms soos beoog in artikel 9 (3) (*a*) van genoemde Wet op die Onderdrukking van Kommunisme;

(2) van enige byeenkoms soos beoog in artikel 9 (3) (*b*) van genoemde Wet van die aard, klas of soort hieronder uiteengesit:—

(*a*) Enige byeenkoms waarop enige staatsvorm of enige beginsel of beleid van die Regering van 'n Staat gepropageer, verdedig, aangeval, gekritiseer of bespreek word;

(*b*) enige byeenkoms waarop daar op enige wyse hoegenaamd teen enige optrede of beoogde optrede van die Regering of die Staat protes aangeteken of gedemonstreer word.

Enige samekoms van 'n openbare byeenkoms vir doeleindes van—

(i) *bona fide*-godsdiensoefeninge;

(ii) *bona fide*-handeldryf of

enige samekoms waarvoor my uitdruklike magtiging of dié van die Landdros, Kaapstad, verkry is, is van die verbod uitgesluit.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Nege-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

P. C. PELSER,
Minister van Justisie.

BYLAE.

Sekere stuk grond begrens deur Plein-, Kasteel-, Buitenkant- en Darlingstraat, volgens die ligging van genoemde strate op die datum van hierdie kennisgewing, in die stad Kaapstad: Met dien verstande dat die binnekant van enige gebou daarop geleë, uitgesluit is.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. 1369. 9 August 1968.

NOTICE IN TERMS OF SECTION 9 (3) OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950).

By virtue of the powers vested in me by section 9 (3) of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), I, Petrus Cornelius Pelser, Minister of Justice, hereby prohibit for a period commencing on 12 August 1968, and expiring on 11 August 1970, the assembly, in the area known as the Grand Parade, Cape Town, as described in the Schedule hereto—

(1) of any gathering as contemplated in section 9 (3) (*a*) of the said Suppression of Communism Act;

(2) of any gathering as contemplated in section 9 (3) (*b*) of the said Act of the nature, class or kind set out below:—

(*a*) Any gathering at which any form of State or any principle or policy of the Government of a State is propagated, defended, attacked, criticised or discussed;

(*b*) any gathering at which any action or contemplated action by the Government or the State is in any manner whatsoever protested or demonstrated against.

From this prohibition is excepted any public gathering assembled for the purpose of—

(i) *bona fide* divine services;

(ii) *bona fide* trading, or

any assembly for which my express authority, or that of the Magistrate, Cape Town, has been obtained.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty ninth day of July, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

P. C. PELSER,
Minister of Justice.

SCHEDULE.

Certain piece of land bounded by Plein, Castle, Buitenkant and Darling Streets, according to the alignment of those streets at the date of this notice, in the City of Cape Town: Provided that the inside of any building situate thereon shall be excluded.

DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE.

No. 1386. 9 Augustus 1968.

HERALDIEKWET, 1962 (WET No. 18 VAN 1962).

Ondervermelde registrasies is by die Buro vir Heraldiek, Pretoria, uitgevoer kragtens die bepalings van bogenoemde Wet en die Regulasies soos ingevolge daarvan uitgevaardig: —

1. H.4/3/1/381.—Die wapens (Judo en Tennis) van die M. L. Sultan-Tegniese Kollege, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

2. H.4/3/1/1043.—Die wapen van die Sandringham High School, Johannesburg, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

DEPARTMENT OF CULTURAL AFFAIRS.

No. 1386. 9 August 1968.

HERALDRY ACT, 1962 (ACT No. 18 OF 1962).

The following registrations have been effected with the Bureau of Heraldry, Pretoria, in terms of the abovementioned Act and the Regulations published thereunder: —

1. H.4/3/1/381.—The arms (Judo and Tennis) of the M. L. Sultan Technical College, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

2. H.4/3/1/1043.—The arms of the Sandringham High School, Johannesburg, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

3. H.4/3/1/1543.—Die kenteken van die Goudstadse Onderwyskollege soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

4. H.4/3/1/1766.—Die wapen van die Ellisrasse Hoërskool, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

5. H.4/3/1/1889.—Die kenteken van die Noordoos-Vrystaatse Subunie, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

6. H.4/3/1/1952.—Die kenteken van die Citadel of Truth and Beauty, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

7. H.4/3/1/1973.—Die wapen van die Hoër Tegniese Skool, Springs, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

8. H.4/3/1/1984.—Die kenteken van die Vereniging van die Kaapse Provinsiale Hospitaalbeamptes, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

9. H.4/3/1/1988.—Die wapen van die Insurance Institute of South Africa, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

10. H.4/3/1/1989.—Die wapen van die Livingstone-Hospitaalraad, Port Elizabeth, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

11. H.4/3/1/2008.—Die kenteken van die Federale Raad van die Nasionale Party, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

12. H.4/3/1/2031.—Die kenteken van die Kaapse Skiereiland-Brandbestrydingskomitee, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

13. H.4/3/1/2032.—Die wapen van die Fakkel-Volkskool, Sasolburg, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

14. H.4/3/1/2043.—Die wapen van die Laerskool Stulting, Humansdorp, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

15. H.4/3/1/2051.—Die kenteken van die Suid-Afrikaanse Kwekersvereniging, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

16. H.4/3/1/2116.—Die kenteken van die Rotors Club of Wynberg, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

17. H.4/3/1/2117.—Die wapen van die Instituut van Landmeters van Transvaal, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

18. H.4/3/1/2122.—Die kenteken van die Valhalla Primary School, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

19. H.4/3/1/2123.—Die wapen van die Vakleerlingskool, Johannesburg, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

20. H.4/3/1/2127.—Die wapen van die Grove Primary School, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

21. H.4/3/1/2138.—Die wapen van die Diocese of Cape Town, Church of the Province of South Africa, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

3. H.4/3/1/1543.—The badge of the Goudstadse Onderwyskollege, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

4. H.4/3/1/1766.—The arms of the Ellisrasse Hoërskool, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

5. H.4/3/1/1889.—The badge of the Noordoos-Vrystaatse Subunie, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

6. H.4/3/1/1952.—The badge of the Citadel of Truth and Beauty, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

7. H.4/3/1/1973.—The arms of the Technical High School, Springs, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

8. H.4/3/1/1984.—The badge of the Cape Provincial Hospital Officials Association as pubilshed under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

9. H.4/3/1/1988.—The arms of the Insurance Institute of South Africa as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

10. H.4/3/1/1989.—The arms of the Livingstone Hospital Board, Port Elizabeth, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

11. H.4/3/1/2008.—The badge of the Federal Council of the National Party, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

12. H.4/3/1/2031.—The badge of the Cape Peninsula Fire Protection Committee, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

13. H.4/3/1/2032.—The arms of the Fakkel-Volkskool, Sasolburg, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

14. H.4/3/1/2043.—The arms of the Laerskool Stulting, Humansdorp, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

15. H.4/3/1/2051.—The badge of the South African Nurserymen's Association, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

16. H.4/3/1/2116.—The badge of the Rotors Club of Wynberg, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

17. H.4/3/1/2117.—The arms of the Institute of Land Surveyors of the Transvaal, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

18. H.4/3/1/2122.—The badge of the Valhalla Primary School, as pubilshed under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

19. H.4/3/1/2123.—The arms of the Apprentice School, Johannesburg, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

20. H.4/3/1/2127.—The arms of the Grove Primary School, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

21. H.4/3/1/2138.—The arms of the Diocese of Cape Town, Church of the Province of South Africa, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

22. H.4/3/2/149.—Die wapen van die Lobatsi Town Council, Botswana, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

23. H.4/3/3/3.—Die kenteken van die Sportsklubs van die Departement van Gevangenisse, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 594 van 11 April 1968.

22. H. 4/3/2/149.—The arms of the Lobatsi Town Council, Botswana, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

23. H.4/3/3/3.—The badge of the Sport Clubs of the Department of Prisons, as published under Government Notice No. 594 of 11 April 1968.

No. 1387. 9 Augustus 1968.

BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—INSKRYWING VAN NAME EN UNIFORMS.

Onderstaande inskrywings is kragtens artikel 4 (3) van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), gemaak:—

1. H.4/3/1/2124.—Die naam en spesiale name van die Institute of Loss Adjusters of Southern Africa, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 236 van 19 April 1968.

2. H.4/3/1/2135.—Die uniform van die Hoërskool Framesby, Port Elizabeth, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 247 van 26 April 1968.

No. 1387. 9 August 1968.

PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—REGISTRATION OF NAMES AND UNIFORMS.

The following registrations have been effected in terms of section 4 (3) of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935):—

1. H.4/3/1/2124.—The name and special names of the Institute of Loss Adjusters of Southern Africa, as published under Government Notice No. 236 of 19 April 1968.

2. H.4/3/1/2135.—The uniform of the Hoërskool Framesby, Port Elizabeth, as published under Government Notice No. 247 of 26 April 1968.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE.

No. 1350. 9 Augustus 1968.

REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP DIE SKOONMAAK VAN BOORDE EN GEKWEEKTE PLANTE, 1947 (WET No. 26 VAN 1947).—SKOONMAAK VAN KATOEN- EN TABAKLANDE IN DIE LANDDROSDISTRIK VAN GROBLERSDAL.

Die Staatspresident het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *elf* van die Wet op Skoonmaak van Boorde en Gekweekte Plante, 1947 (Wet No. 26 van 1947), die regulasies in die Bylae hierby uiteengesit, gemaak in verband met die skoonmaak van katoen- en tabaklande in die landdrosdistrik van Groblersdal wat kragtens Proklamasie No. 218 van 1968 'n geproklameerde gebied ingevolge artikel 2 van bogenoemde Wet is.

BYLAE.

1. Elke bewoner, of waar daar geen bewoner is nie, elke eienaar van grond, geleë binne die landdrosdistrik van Groblersdal, moet onmiddellik na die katoen- en tabakoes van 'n besondere jaar op daardie grond ingesamel is, al die katoen- en tabakplante sowel as oesreste daarop vernietig deur opkerwing met meganiese kapper, of deur afkap en daarna indis, inploeg of verbrand.

2. Enige persoon wat, in die geval van tabak voor 15 Julie en in die geval van katoen voor 15 Augustus van die jaar waarin dit afgeoes is, versuim om aan die bepalings van regulasie 1 te voldoen, is skuldig aan misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of met 'n gevangenisstraf van hoogstens ses maande, of met beide sodanige boete en gevangenisstraf.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES.

No. 1350. 9 August 1968.

REGULATIONS IN TERMS OF THE ORCHARDS AND CULTIVATED PLANTS CLEANSING ACT, 1947 (ACT No. 26 OF 1947).—CLEANSING OF COTTON AND TOBACCO LAND IN THE MAGISTERIAL DISTRICT OF GROBLERSDAL.

The State President has, in terms of the powers vested in him by section *eleven* of the Orchards and Cultivated Plants Cleansing Act, 1947 (Act No. 26 of 1947), made the regulations set out in the Schedule hereto in connection with the cleansing of cotton and tobacco lands in the Magisterial District of Groblersdal which is in terms of Proclamation No. 218 of 1968 a proclaimed area in terms of section 2 of the above-mentioned Act.

SCHEDULE.

1. Every occupier or, where there is no occupier, every owner of land situated in the Magisterial District of Groblersdal shall immediately after the cotton and tobacco crops of a particular year have been gathered on that land, destroy all cotton and tobacco plants as well as crop residues by chopping up mechanically or by cutting off whereafter it is disced in or ploughed under or burned.

2. Any person who, in the case of tobacco before 15 July and in the case of cotton before 15 August of the year in which it was harvested, fails to comply with the provisions of regulation 1 shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R200 or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and imprisonment.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

3. In hierdie regulasies het enige woord waaraan 'n betekenis in die Wet op die Skoonmaak van Boorde en Gekweekte Plante, 1947, geheg is, wanneer dit gebruik word, daardie betekenis.

3. In these regulations any word to which a meaning has been assigned to in the Orchards and Cultivated Plants Act, 1947, bears, when used, that meaning.

No. 1382. 9 Augustus 1968.

VOORGENOME REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE MINIMUM VEREISTES VIR STANDAARD-GRAADSAAD.

DIE WET OP SAAD 1961 (WET No. 28 VAN 1961).

Die Minister van Landbou-tegniese Dienste gee hierby kennis kragtens subartikel (4) van artikel *dertig* van die Wet op Saad 1961 (Wet No. 28 van 1961), dat dit die voorneme is om die regulasies uiteengesit in die Bylae hierby as regulasies kragtens artikel *dertig* van genoemde Wet uit te vaardig.

Belanghebbende persone word gevra om besware teen of vertoë aangaande die voorgestelde regulasies binne vier weke na die datum van publikasie hiervan aan die Sekretaris van Landbou-tegniese Dienste, Privaatsak 116, Pretoria, voor te lê.

BYLAE.

1. Minimum vereistes vir standaardgraadsaad en invoersaad vir die betrokke soorte is soos in die Aanhangsel hierby uiteengesit.

AANHANGSEL

Soort Saad.	Suiwerheids-persentasie minstens	Ontkiemings-persentasie minstens
(*a*) *Voergrasse:*		
Lolium rigidum, (Wimmera raaigras)	96	80
Penisetum typhoides (*P. glaucum*), (babala)	96	80
(*b*) *Voerpeulgewas:*		
Vigna unguiculata (kafferbone)..	98	80
(*c*) *Akkerbougewasse:*		
Phaseolus vulgaris L, *P. coccineus* L. (*P. multiflorus*) et *P. acutifolius* Gray var *latifolius* Freem (Droëbone)	98	80

No. 1382. 9 August 1968.

PROPOSED REGULATIONS RELATING TO THE MINIMUM REQUIREMENTS FOR STANDARD GRADE SEED.

THE SEEDS ACT, 1961 (ACT No. 28 OF 1961).

In terms of subsection (4) of section *thirty* of the Seeds Act 1961 (Act No. 28 of 1961), notice is hereby given by the Minister of Agricultural Technical Services that it is proposed to promulgate the regulations appearing in the Schedule hereto as regulations in terms of section *thirty* of the said Act.

Interested persons are invited to submit within four weeks from the date of publication hereof any objections or representations concerning the proposed regulations to the Secretary for Agricultural Technical Services, Private Bag 116, Pretoria.

SCHEDULE.

1. Minimum requirements for standard grade and import seed for the seed kinds concerned are as set out in the Annexure hereto.

ANNEXURE

Kind of Seed.	Purity percentage not less than.	Germination capacity percentage not less than.
(*a*) *Forage Grasses:*		
Lolium rigidum (Wimmera Rye Grass)	96	80
Pennisetum typhoides (*P. glaucum*) (Babala)	96	80
(*b*) *Forage Legumes:*		
Vigna unguiculata (Cowpeas)...	98	80
(*c*) *Field Crops:*		
Phaseolus vulgaris L. *P. coccineus* L. (*P. multiflorus*) et *P. acutifolius* Gray var. *latifolius* Freem (Dried beans)	98	80

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

No. 1368. 9 Augustus 1968.

GEBIEDE VIR DIE HOU VAN MILITÊRE OEFENINGE DEUR LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 79 (1) (*a*) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), soos gewysig, die landdrosdistrikte in die Bylae hiervan genoem as gebiede vir die hou van militêre oefeninge deur lede van die Suid-Afrikaanse Weermag te bepaal.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

No. 1368. 9 August 1968.

AREAS FOR CONDUCTING MILITARY EXERCISES BY MEMBERS OF THE SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE.

The State President has been pleased in terms of the provisions of section 79 (1) (*a*) of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), as amended, to appoint the Magisterial Districts in the Annexure hereto as areas for conducting military exercises by members of the South African Defence Force.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

BYLAE.

GEBIEDE VIR DIE HOU VAN MILITÊRE OEFENINGE.

Landdrosdistrik.	*Omskrywe in Goewermentskennisgewing/Proklamasie.*		
Transvaal.		*Nommer*	*Jaar*
Amersfoort	Prok.	43	1943
Balfour	GK.	1967	1962
Bethal	Prok.	145	1943
Cullinan	GK.	1214	1965
Nigel	G.K.	498	1966
Standerton	Prok.	87	1932
Volksrust	Prok.	87	1932
Kaapprovinsie.			
Cathcart	Prok.	138	1879
Oos-Londen	Prok.	217	1933
Elliot	G.K.	582	1947
Hankey	G.K.	1515	1963
Humansdorp	G.K.	1515	1963
Indwe	G.K.	582	1947
King William's Town	Prok.	21	1937
Komga	Prok.	217	1933
Maclear	Prok.	297	1913
Sterkstroom	Prok.	226	1924
Stutterheim	Prok.	211	1935
Uitenhage	G.K.	547	1960
Wodehouse	Prok.	142	1928
Oranje Vrystaat.			
Boshof	G.K.	1106	1963
Jacobsdal	G.K.	1106	1963
Lindley	Prok.	220	1939
Reitz	Prok.	245	1938
Senekal	G.K.	363	1946
Smithfield	Prok.	206	1930
Trompsburg	G.K.	1612	1953
Natal.			
Alfred	Prok.	43	1894
Hlabisa	Prok.	19	1927
Ixopo	Prok.	22	1929
Ngotshe	Prok.	60	1905
Nongoma	Prok.	73	1937
Polela	G.K.	1675	1946
Port Shepstone	Prok.	4	1918

ANNEXURE.

AREAS FOR CONDUCTING MILITARY EXERCISES.

Magisterial District.	*Defined in Government notice/Proclamation.*		
Transvaal.		*Number.*	*Year.*
Amersfoort	Proc.	43	1943
Balfour	GN.	1967	1962
Bethal	Proc.	145	1943
Cullinan	GN.	1214	1965
Nigel	GN.	498	1966
Standerton	Proc.	87	1932
Volksrust	Proc.	87	1932
Cape Province.			
Cathcart	Proc.	138	1879
East London	Proc.	217	1933
Elliot	GN.	582	1947
Hankey	GN.	1515	1963
Humansdorp	GN.	1515	1963
Indwe	GN.	582	1947
King William's Town	Proc.	21	1937
Komga	Proc.	217	1933
Maclear	Proc.	297	1913
Sterkstroom	Proc.	226	1924
Stutterheim	Proc.	211	1935
Uitenhage	GN.	547	1960
Wodehouse	Proc.	142	1928
Orange Free State.			
Boshof	GN.	1106	1963
Jacobsdal	GN.	1106	1963
Lindley	Proc.	220	1939
Reitz	Proc.	245	1938
Senekal	GN.	363	1946
Smithfield	Proc.	206	1930
Trompsburg	GN.	1612	1953
Natal.			
Alfred	Proc.	43	1894
Hlabisa	Proc.	19	1927
Ixopo	Proc.	22	1929
Ngotshe	Proc.	60	1905
Nongoma	Proc.	73	1937
Polela	GN.	1675	1946
Port Shepstone	Proc.	4	1918

DEPARTEMENT VAN WATERWESE.

No. 1285. 26 Julie 1968.

